

AFRIKAANSE WOORDELYS EN SPELREEËLS


IN OPPDRAG VAN DIE
SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR TAAL,
LITERATUUR EN KUNSTE

Sammelblad deur

Prof. Dr. S. P. C. Botha¹, Prof. Dr. D. B. Boonzaier,
Prof. Dr. T. H. le Roux en Prof. Dr. D. F. Malherbe



Vierde, Herstelde en Verminderde Uitgawe



M. Ata Singh
July. 1933.



AFRIKAANSE WOORDELYS EN SPELREËLS

In opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal,
Lettere en Kuns.

Saamgestel deur

**Prof. Dr. S. P. E. BOSHOFF, Prof. Dr. D. B. BOSMAN,
Prof. Dr. T. H. LE ROUX en Prof. Dr. D. F. MALHERBE.**



Vierde, Hersiene en Vermeerderde Druk.

Drukkers en Uitgewers:
NASIONALE PERS, BEPERK
Bloemfontein, Kaapstad en Stellenbosch
1931

b1544 1854

VERBETERINGE.

- Bl. 12 in plaas van **apploudiseer** lees **apploudisseer**.
,, 95 „ „ „ **huigel(a)ry** lees **huigelary**.
,, 121 „ „ „ **kompanje, -s** lees **kompanjie, -ë** of **-s**.
,, 148 „ „ „ **miaau!** lees **mia(a)u!**
,, 209 „ „ „ **rommel(a)ry** lees **rommalary**.

N439.36/52

i1605-5664

SUID-AFRIKAANSE

VOORWOORD.

IN 1915 het die eerste Spelreëls van die Akademie die lig gesien, en in 1917 die eerste Woordelys, terwyl dit nou ruim tien jaar is sedert die verskyning van die vorige (derde) uitgawe. Trots alle besware van die kant van die lesende en skrywende publiek het die spelling van die Akademie gaandeweg 'n gevestigde tradiesie gekry in ons Afrikaanse literatuur, in ons koerante, tydskrifte en skoolboeke, in wetenskaplike werke op verskillende terreine en in die paar proewe van Afrikaanse Bybelvertaling. Die volledige vertaling wat nou persklaar gemaak word, sal ongetwyfeld ook nog baie daartoe bydra om die bestaande spellingtradiesie verder te bestendig.

Sedert drie jaar is die derde druk van die Spelreëls en Woordelys uitverkoop en was dit nodig om 'n nuwe hersiene bewerking te laat verskyn. Met die voorbereiding daarvan was die Spellingkommissie van die Akademie al van 1926 af besig. Vir hierdie (vierde) uitgawe het die Spellingkommissie opdrag van die Akademie ontvang om : (1) inkonsekvensies te verwijder; (2) meer tegniese en wetenskaplike terme op te neem; (3) soveel moontlik vryheid te laat ten opsigte van sodanige kessies waaroor verskil van mening bestaan, o.a. by die toepassing van die spellingbeginsels op vreemde woorde.

In hierdie uitgawe is soveel moontlik daarna gestreef om uitvoering aan daardie opdrag te gee.

'n Volkome konsekwente en tog prakties bruikbare spelling is 'n onbereikbare ideaal. Die lede van die Spellingkommissie maak hulle g'n illusies omtrent die resultaat van hulle werkzaamhede nie; hulle sal stellig nie almal bevredig nie. Hierdie uitgawe is net so min volmaak as die vorige; tog is na vermoë daarna gestreef om verbeteringe aan te bring deur die verwijdering van inkonsekvensies en deur die noukeuriger, oorsigteliker en meer sistematiese formulering van verskillende spelreëls. Op ou ingeburgerde Afrikaanse woorde kan ons spellingbeginsels betreklik konsekwent toegepas word, en wat hierdie element van ons woordeskat betref, het die Spellingkommissie soveel moontlik uitvoering aan die eerste deel van sy opdrag probeer gee. Daar was egter perke gestel aan die absolute deurvoering van konsekvensies sowel deur die aard van taalverskynsels as deur die reeds gevestigde spelling-

tradiesie. Alleen kulturele oorweginge van nasionale draagwydte kon radikale veranderinge in hierdie verband wettig, en aan sodanige veranderinge was daar geen uitgesproke behoeftie nie. Kragtens die leiding en bemoeiinge van die Akademie in die verlede kan die spelling van suiwer Afrikaanse woorde nou as vrywel vasstaande beskou word. Dit is geen geringe verdienste nie, en al was dit die enigste wat die Akademie tot stand gebring het, dan was sy bestaan hierdeur reeds geregverdig.

Dat aan die tweede deel van bogenoemde opdrag sover moontlik ook uitvoering gegee is, kan o.a. blyk uit die omvang van hierdie Woordelys in vergelyking met die vorige. Tog kon hier ook nog nie na volledigheid gestreef word nie.

Oor allerlei taalkundige aangeleenthede moet woerdeboeke, grammaticas en werke oor fonetiek geraadpleeg word, en vir sulke hulpmiddelle is gedurende die afgelope tien jaar, dank sy die kulturele ekspansie van Afrikaans, ruim voorsiening gemaak. Die gebruiker van hierdie Woordelys moet uit die afwesigheid van 'n bepaalde woord daarin dus nie aflei dat dit nie bestaan of nie erken word nie.

Ook aan die natuurwetenskaplike kant was beperkinge in die opname van woorde en terme noodsaklik of vanselfsprekend. Die suiwer wetenskaplike name van famielies van diere en plante is b.v. glad nie 'n saak van Afrikaanse spelling nie. Eerswanneer sulke name 'n meer populêre gebruiksheer kry, tree hulle binne die gebied van die algemene spelling van 'n taal. Die spelling van woorde soos *likkewaan* en *orgidee* is 'n saak wat Afrikaans raak, die skryfwyse van *iguana* en *orchidaceae* nie. In sulke gevalle kon dus alleen deur middel van enige voorbeeldleiding gegee word; hoofdoel van die Woordelys was en bly om 'n praktiese handleiding by spellingkwessies te wees.

Die derde deel van die opdrag aan die Spellingkommissie beoog 'n mate van vryheid as 'n billike tegemoetkoming aan die regmatige eise van 'n jong taal wat nie deur onnodig knellende bande gehinder behoort te word nie. Hierdie vryheid mag egter nie in bandeloosheid ontaard nie. Dit moet soveel moontlik 'n metodiese vryheid bly. Die verskillende paragraawe van die afdeling oor wisselvorme probeer leiding gee in hierdie verband. Die opdrag om meer vryheid toe te laat ten opsigte van betwissbare sake het veral betrekking op die behandeling van vreemde woorde. Sedert die vorige uitgawe van die Woordelys het die meningsverskille in sake ons spelling feitlik gedraai om die skryfwyse van vreemde woorde in

Afrikaans. Die kwessie van die omvang en graad van verafrikaansing het die brandpunt van 'n spellingstryd geword. Dat hieroor nog geen eenstemmigheid bestaan het nie, lê in die aard van die saak. Ons durf selfs voorspel dat volkome eenstemmigheid ten opsigte hiervan nooit sal bereik word nie, in Afrikaans so min as in watter lewende taal ook. Die moeilikhede in verband met die spelling van vreemde woorde is legio, maar die allergrootste is om te bepaal wat onder vreemde woorde verstaan moet word. Dit is duidelik dat dit nie 'n kwessie van woorddoorsprong is nie, want dan sou woorde soos *kerk* en *skool*, *kansel* en *kruis*, *kelk* en *wyn*, *tafel* en *dis*, *botter* en *kaas*, *muur* en *venster*, *straat* en *wal*, *plant* en *vrug*, *lelie* en *roos*, *muil* en *tier*, *brief* en *skrywe*, *kort* en *klaar*, *dubbel* en *seker* almal vreemde woorde in Afrikaans wees. Gedurende al die eue wat daar wisselwerkinge was tussen volk en volk, tussen Germane en Romeine, Nederlanders en Franse, Afrikaners en Oosterlinge, Afrikaners en Engelse ens., is daar oor en weer woorde ontleen, woorde waarvan 'n gedeelte vandag 'n onmisbare en moeilik herkenbare element van ons Afrikaanse woordeskat uitmaak. Maar ook in die laaste tientalle jare het ontleninge van vreemde woorde deur Afrikaans op groot skaal plaasgevind, veral op die gebied van die natuurwetenskappe, waar daar 'n soort van internasionale terminologie bestaan. Dit is duidelik dat ons woorde van vreemde oorsprong soos *kanker* en *cholera*, *pyn* en *phthisis*, *termometer* en *chthonisotherm*, *paraffien* en *chloraline*, *sardientjie* en *ichthyosaurus* nie op een lyn kan stel nie. Maar waar moet die skeiding gemaak word, en wat is die toets?

By die behandeling van vreemde woorde en die beoordeling van die moontlikhede van verafrikaansing het ons uitgegaan van die grondgedagte van gebruiklikheid; gebruiklikheid nie in die sin van hoe dikwels die woord b.v. deur bepaalde vakmanne gebruik word nie, maar van die aantal Afrikaanssprekendes deur wie die woord gebruik word. Is dit 'n volkswoord? Is dit 'n woord wat kinders op skool sien of hoor, skryf of sê? Dit was die soort van vrae wat ons ons telkens gestel het. Maar die beantwoording van sulke vrae was nie altyd maklik nie. In sommige twyfelagtige gevalle het ons van die standpunt uitgegaan dat dit verstandig is om sulke woorde waaraan ons volk en ons studerende jeug behoeft het, nou maar burgerreg te verleen vir sover ons dit deur middel van die verafrikaanste skryfwyse daarvan kon doen. Ons meen dat dit op die duur die beste spelling- en

taalbeleid is. Mettertyd sal die meeste van hulle tog onvoorwaardelike burgerreg moet verkry.

Teenoor hierdie kategorie staan 'n klas wat twee soorte woorde insluit: (1) wildvreemde, ongebruiklike of weinig gebruiklike woorde en (2) woorde wat hulle nie maklik laat verafrikaans nie. Tot die eerste soort behoort woorde wat feitlik alleen op die universiteite en onder geleerde mense gelioor word, soos allerhande wetenskaplike plant- en diernamie, siektename, skeikundige en ander tegnologiese terme. Die tweede afdeling van hierdie klas omvat woorde soos *abattoir*, *garage*, *gentleman*, *jingo*, *reservoir*, *rugby*, *trousseau*, *whisky* ens., wat, al is hulle baie gebruiklik, weens klank- en vorinbesware moeilik kan verafrikaans word. Woorde van hierdie twee afdelinge behou hulle oorspronklike spelvorme (vgl. klas (b) van die vreemde woorde).

Dan bly daar grensgevalle wat nie heeltemal by die ingeburgerde en ook nie by die wildvreemde of onverafrikaansbare woorde 'n onderdak kan vind nie. Sommige staan verafrikaansing daarvan voor, ander nie. Sulke woorde kry 'n dubbelspelling, 'n vreemde en 'n Afrikaanse (vgl. klas (c) van die vreemde woorde). Ons weet dat sakemense baie besware teen dubbelspellinge het; maar hulle sou waarskynlik nog groter besware hê teen 'n spellingwysiging wat alle bestaande boeke in Afrikaans dadelik verouderd sal maak. En ons het die klas van woorde so klein as moontlik probeer hou; alle dubbelspellinge uitskakel kon ons nie. Die skrywende publiek kan self die saak verder vereenvoudig deur tussen die twee te kies. Ons meen dat Afrikaanse sakemense nie veel te klae het in vergelyking met die van ander volke nie. 'n Sekere speling sal daar altoos moet gelaat word.

Daar is allerhande bykomstige en ondergeskikte oorweginne wat 'n rol gespeel het by die vasstelling van een of ander spelvorm. Dit sou te ver voer om alles hier uiteen te sit. Ons wil net nog op die volgende die aandag vestig. Daar bestaan famielies van woorde. Van so 'n familielie kan een of ander lid baie bekend wees, ander minder bekend, nog ander onbekend. Omdat ons graag die famielietrekke in ons spelling wou bewaar, as dit enigsins kon, moes ons kies of ons ons spelling sou baseer op die onbekende of op die bekende lid. Ons meen dat hier maar een keuse moontlik was, ook al met die oog op ons beleid van inburgering: ons het die mees gebruiklike vorm tot sy reg laat kom, al moes ons die ander minder bekende famielielede soms daardeur geweld aandoen. So is daar b.v. die familielie van die algemeen bekende woord *eksamen*, nl. *eksamineer*, *eksaminator*,

eksaminandus. Om orals dubbelvorme te gee, sou die maklikste uitweg uit die moeilikheid gewees het — vir ons; nie vir die skrywende publick nie. Ons leiding strek dan in die rigting om al die famielielede ondergeskik te maak aan die bekende lid *eksamen*. Ter wille van die mense wat gewetensbesware het teen hierdie geweldpleging aan vreemde woorde, het ons by die mins bekende lid dubbelvorme aangegee: *eksaminandus* of *examinandus*. Aangesien die mins bekende beteken die mins gebruikte, kan die sakemense hiermee seker vrede hê.

Aan die ander kant het ons meer dubbelspellinge aangegee as wat in ons oorspronklike bedoeling gelê het. Dit sal o.a. blyk uit die spelreëls wat handel oor die wisselvorme met *au/ou*, *th/t*, *v/w* en *x/ks*. Dit vind sy verklaring in die spellingstryd wat daar in ons land na aanleiding van die skryfwyse van vreemde woorde ontbrand en wat die Minister van Onderwys probeer besleg het deur 'n Spellingkonferensie in Pretoria te belê op 27 en 28 Augustus 1911. In belang van ons taal- en kultuurstryd was 'n mate van unanimiteit gebiedend noodaaklik. Daarvoor was wedersydse tegemoetkoming 'n eerste vereiste. Die Spellingkommissie het na vermoë daarna gestreef om in dié gees te werk te gaan, behalwe waar 'n gevinstigde spellingtradiesie van gebruiklike vreemde woorde dit nie kon regverdig nie. Kompromisse beteken altyd die verlogening van beginsels, ook van spellingbeginsels. Die gevolge was: (1) die kruising van spellingbeginsels deur ander oorweginge (b.v. in verband met die reëling van *i/ie*); (2) die opname van meer dubbelspellinge as wat om praktiese redes gewens is en (3) vertraging van die verskyning van hierdie uitgawe.

Op die jaarvergadering van die Akademie in 1929 is aan Prof. Dr. A. C. Bouman opdrag gegee om enige reëls te formuleer om ten opsigte van die interpunksie sover moontlik leiding te gee. Die resultaat van daardie opdrag is neergelê in 'n aantal reëls oor leestekens, afgedruk onmiddellik agter die spelreëls.

Ons meen dat ons opdrag hiermee in alle opsigte uitgevoer is. Ons laat die beoordeling van die wyse waarop dit gedaan is aan die Akademie en die publiek.

DIE SPELLINGKOMMISSIE.

Desember 1930.

AFRIKAANSE SPELREËLS.

§ I. GRONDBEGINSELS.

Die Afrikaanse Spelling wil:

- (1) die algemeen gebruiklike uitspraak in beskaafde Afrikaans weergee;
- (2) by die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling (V.N.S.) aansluit en nie sterk daarvan awyk nie;
- (3) so ver moontlik gelykvormig wees.

§ II. TOELIGTING EN TOEPASSING.

Bostaande grondbeginsels geld mutatis mutandis vir elke spellingssisteem wat nie konsekwent foneties is nie. En daar 'n spelling in die eerste plaas vir die publiek en nie vir taalgeleerde bedoel is nie, kan dit nooit streng foneties wees nie. Maar dan is dit 'n regmatige eis dat dit veral prakties moet wees, en dit kan in die geval van Afrikaans alleen geskied op die grondslag van bogenoemde algemene beginsels.

Dit is verder duidelik dat hierdie beginsels mekaar aanvul, maar dat hulle ook ten dele met mekaar in stryd is. Waar hulle in stryd met mekaar kom, moet wat die swaarste is, die swaarste weeg. Hier word hulle nader verduidelik, en die toepassing daarvan in die praktyk met voorbeeldige toegelig. Vir besonderhede moet die verskillende spelreëls en die Woordelys geraadpleeg word.

Eerste Grondbeginsel.—Die Afrikaanse klankstelsel toon nog groot ooreenkoms met die van Nederlands. Daarom is dit begrypplik dat die Afrikaanse spelling eweneens groot ooreenkoms met die Nederlandse sal toon. Waar egter in die algemeen beskaafde Afrikaanse uitspraak duidelike awykinge van die Nederlandse uitspraak voorkom, word die awykinge ook in die reël in die Afrikaanse spelling weergegee. Gevolglik word o.a. die Ndl. **au**, **sch**, **z** en **v** (tussen 'n beklemtoonde en 'n swak beklemtoonde klinker) in Afrik. vervang deur **ou**, **sk**, **s** en **w** (vir sover die **w** in die Afrik. uitspraak nog gehoor word). Ons skryf dus b.v. **blou**, **grou**, **kou** teenoor Ndl. **blauw**, **grauw**, **kauw**; **skaap**, **skoen**, **skoon** teenoor Ndl. **schaap**, **schoen**, **schoon**; **sang**, **so**, **sorg** teenoor Ndl. **zang**, **zo**, **zorg**;

grawe, lewe, slawe teenoor Ndl. **graven, leven, slaven**; maar **slavin** nes in Ndl.

Weens die duidelike verskil tussen die Afrik. en die Ndl. uitspraak skryf ons dus in afwyking van die V.N.S. o.a. **doring, harsings, hoof, karring, lus, mus, oggend, oomblik, sogens, stip, yster** ens., hoewel die volgende spellinge met die V.N.S. sou ooreenstem of anders nader daaraan sou staan: **doorn** of **doren, hersens, hoofd, karn, lust, muts, ogtend, oënbliek** of **ogenbliek, sogtends, stipt, yser**. Dit geskied dan in stryd met grondbeginsels (2) en (3), want naas hierdie gevalle kom dieselfde grondwoord voor in fleksievorme, samestellinge en afleidinge wat weens hul geringer bekendheid of om watter rede ook al nader aan die Nederlandse staan of selfs daarmee ooreenstem, sodat dieselfde woord nie altyd in al sy vorme op dieselfde manier kan gespel word nie. Aansluiting by die V.N.S. kan dus nie konsekwent deurgevoer en die reël van die gelykvormigheid nie streng gehandhaaf word nie. Teenoor **harsings** staan **hersenskim**; teenoor **hoof** het ons **hoofde, hoofdelik, styfhoofdig** ens; teenoor **lus** weer **lustig, lusteloos**; teenoor **oomblik** kry ons **oëdienaar, oë(n)skou, öënskynlik**; teenoor **stip** staan **stiptellk, stiptheid**. Dit is nie net by vreemde woorde waar ons die grondbeginsel van die gelykvormigheid dikwels geweld moet aandoen nie. Absolute spellingkonsekvensie word deur die taalontwikkeling self onmoontlik gemaak.

Waar verskillende vorme van dieselfde woord in algemeen beskaafde gebruik bestaan, daar word die verskillende vorme ook erken. Hier kan alleen die gebruik uitmaak watter vorm op die duur sal seevier. Dikwels is dit nie uit te maak watter van twee, soms meer vorme die gebruiklikste is nie. In sulke gevalle is die erkenning van dubbelvorme onvermydelik. Die alternatief is om tussen twee of meer vorme te kies, en dit kan alleen min of meer willekeurig geskied. Daarom skryf ons **aalwee** naas **aalwyn, aartappel** naas **ertappel, deuntjie** naas **duintjie, dubbeltjie** naas **duwweltjie, ken** naas **kin, môre** naas **more, nôi** naas **nooi, soep** naas **sop, soetjies** naas **suutjies, vlees** naas **vleis, wasser** naas **waster** ens. Daar bestaan veral 'n groot verskeidenheid van werkwoordelike wisselvorme, waarvan die volgende as voorbeeld kan dien: **bied, bieë of bie; droog, droë of dro; geloof, gelowe of glo; klaag, klae of kla; leef of lewe; ploeg, ploeë of ploe;** **skryf of skrywe; sorg, sorge of sôre; spoe, spoeg, spu of spuug; terg, terge of têre; weeg, weë of wee** ens. (Vir die behandeling van die verskillende soorte van wisselvorme vgl. die volgende paragraaf, III).

Ooreenkomsdig die eerste grondbeginsel word afwykinge van die „algemeen gebruiklike“ Afrikaanse uitspraak dus nie in ons spelling erken nie. Daarom skrywe ons b.v. **baie, bietjie, bobotie,**

hekel, kleedjie, somar of **sommer, sosatie** en nie **baiing** of **banja, blekie, boebotie, hiekel, kliedjie, soemar** of **soema, soesatie** nie. ...

Volgens bogenoemde beginsel moet die uitspraak nie alleen „algemeen gebruiklik” wees nie, maar „algemeen beskaafd” om as norm vir die spelling te dien. Daarom skryf ons b.v. **agent, amandel, gemeente, gesig, goewermann, grawe, huls, magtig, pensioen, perskes, terpentyn, turksvye, vinnig** en nie **agint, amangel, gemeinte, geseg, gowermint, grou, heis** (of **hys**), **magtag, spensioen, sperskies, tarmbyn, sturksvye, vinnag** nie.

Twede Grondbeginsel.—Waar die Afrikaanse uitspraak nog groot ooreenkoms met die Nederlandse vertoon, wyk die Afrikaanse spelling om historiese en kulturele redes nie onnodig van die V.N.S. af nie. In ooreenstemming met hierdie beginsel behou ons b.v. **el** naas **y**, al stel hulle, nes **el** en **IJ** in die V.N.S., dieselfde klankverbinding voor, soos in **veil** naas **vyl, feit** naas **fyt, tel** naas **ly, Mei** naas **my, pell** naas **pyl, reis** naas **rys, steil** naas **styl, wei** naas **wy** ens. Daarom behou ons ook **f** naas **v**, al stel hulle anders as in die V.N.S., by ons dieselfde klank voor, b.v. in **fat** naas **vat, fee** naas **vee, feil** naas **veil, fel** naas **vel, fier** naas **vier, fonds** naas **vonds, fors** naas **vors, frank** naas **vrank** ens. In sulke gevalle was ons meestal verplig om die betekenisverskille kortliks tussen hakies aan te du.

In ooreenstemming met die tweede grondbeginsel skrywe ons verder **aambeeld, aambeie, aamborstig, aarbeie, aasvoël, hamel, hamer, ook** ens., hoewel die vorme met 'n kort klinker, nl. **ambeeld, ambeie, amborstig, arbeie, asvoël, hammel, hammer, ok** in Afrikaans baie gebruiklik is. In hierdie gevalle het die reëeling veral die praktiese voordeel dat dubbelvorme daardeur vermy word. Dieselfde geld van spellinge soos **ekspres, konstabel, krioel, padda, passabel, sabel, spandabel, stadig** ens., hoewel in Afrikaans dikwels, miskien meestal, gehoor word **aspres, konstawel, kerjoel, parra, passawel, sawel, spandawel, starig**.

Derde Grondbeginsel.—Hierdie algemene reël eis dat dieselfde woord of woordelement sover moontlik altyd op dieselfde manier moet geskryf word, m.a.w. dat by die spelling van die grondwoord en sy samestellinge, afleidinge en fleksievorme sover moontlik rekening moet gehou word met die gelykvormigheid. Daarom skrywe ons b.v. nie **hant** en **rip** nie, maar **hand** en **rib** met die oog op **hande, handel, handig, ribbe, ribbebeen, ribbetjie**. Aan die ander kant skryf ons in afwyking van die V.N.S. **krap, krip, llt, stat** (Kafferstat) na die voorbeeld van **krappe, krippe, litte, statte** ens. Daarom skrywe ons ook **ent** naas **end** met die oog op **ente** naas **einde(s), eindig** ens. 'n Woord soos **perd** kry ooreenkomsdig die

eerste grondbeginsel 'n ander klinker as in Ndl., maar 'n **d** soos in Ndl. en soos in die meervoud **perde** (volgens grondbeginsels 2 en 3), hoewel die Afrikaanse uitspraak sou eis **pert** (enkv.) en **père** (mv.).

In ooreenstemming met die grondbeginsel van die gelyk-vormigheid skrywe ons by woorde met klinkers wat verswak het of besig is om te verswak tot 'n swak beklemtoonde **e** meestal die ouer en voller vorm. Daarom skrywe ons b.v. **stoffasie**, en nie **steffasie** nie, met die oog op **stof**, **stoflik**, **stoffeir**; **skaduwee**, en nie **skadeweé** nie, met die oog op **skadu**, **skadusy**, **oorskadu**; **senuwee**, nie **seneweé** nie, na die voorbeeld van **ontsenu**, **senulyer**, **senusiekte** ens. Daarom skrywe ons ook in samestellinge **daardie**, **daarnatoe**, **hierdie**, **hoeveel**, **soveel** ens. en nie **darie**, **danatoe**, **hierie**, **hoevel**, **suffel** nie.

Maar in baie gevalle is die samestellende dele so verswak in klank of verbleek in betekenis dat die verwantskap met die grondwoord heeltemal nie meer gevoel word nie. Daar is natuurlik allerlei grade van verbleking van die verband. Gevolglik kry ons vol en verbleekte vorme van dieselfde woorde naas mekaar in samestellinge. Daarom skrywe ons **oorheen** en **voorheen**, maar naas **soheentoe** ook **soontoe**; naas **bwendien** kry ons **boonop** en **boontoe**. Sulke verbleekte samestellinge is b.v. **almal**, **heeltemal**, **somar** of **sommer**, **soos**, **watter** ens.

Ook hier weer is absolute spellingkonsekwensie onmoontlik: die bestaan van wisselvorme naas mekaar is 'n natuurlike gevolg van taalontwikkeling.

§ III. WISSELVORME.

Ter wille van die oorsigtelikheid gee ons hier 'n kort samevatting van die vernaamste soorte wisselvorme en van die manier waarop hulle behandel is en in die Woordelys aangedui word. Vir meer besonderhede verwys ons daarheen en na die verskillende spelreëls.

- (1) Die gewone gevalle van wisselvorme eis nouliks 'n nader verklaring. Ons gee b.v. **ken** of **kin** en in alfabetiese volgorde verderop **kin** of **ken**. Dit is vanselfsprekend dat party wisselvorme dan onder aparte letters sal gevind word, soos **aartappel** of **ertappel** onder **A** en **ertappel** of **aartappel** onder **E**. By ander weer word die alfabetiese volgorde nie geraak nie, soos in die geval van **môre** of **more**. Kortheidshalwe skrywe ons b.v. **so(e)p** i.p.v. **soep** of **sop**, maar om die naslaan te vergemaklik, word so'n woorde na gelang van die alfabetiese volgorde op verskillende plekke aangegee.

By samestellinge word die wisselvorme (as ook die meervoudsvorme) nie noodwendig herhaal nie, aangesien hulle reeds by die grondwoord aangegee is. Naas **saad** kry ons b.v. **saat** met die oog op die meervoudsvorm **sate** naas **sade**. Maar in ou samestellinge gee ons gewoonlik alleen die ouer vorme, b.v. **radbraak**, hoewel die selfstandige naamwoord in Afrikaans gewoonlik **rat**, **ratte** is. Dit hang natuurlik enigsins van die aard van die geval af. Dit is mog 'n rede waarom by samestellinge nie altyd wissel- en meervoudsvorme aangegee word nie.

Soms bestaan daar by sulke wisselvorme betekenisverskille. Die gebruiker van die Woordelys sal nie alle onderskeidinge aangedui vind nie, maar moet onthou dat dit 'n spellinglys is vir praktiese doeleindes en nie 'n grammatika of woordeboek nie.

Werkwoordelike wisselvorme soos **skryf** of **skrywe** word by samestellinge meer konsekwent aangegee, omdat die vorme eintlik buite die fleksie staan, d.w.s. hulle tree nie net by die verbuiging of vervoeging op nie. Dit word ook by ander vorme buite die fleksie gedaan, soos by **bespieëling** naas **bespiegeling**, **eienaardig** naas **elgennaardig**, **goël** naas **gogel**, **loënstraf** naas **logenstraf** ens.

In ander gevalle was dit onprakties om by samestellinge alle wisselvorme op te neem. Woorde saamgestel met **bo** of **bowe**, **mede** of **mee**, **na** of **naar**, **oop** of **ope**, **oor** of **ower**, **saam** of **same**, **teë** of **teen** kan as voorbeeld hiervan dien. In 'n Woordelys wat ten opsigte van spellingkwessies prakties wil wees, kon ons alleen leiding probeer gee en nie na volledigheid strewie nie.

- (2) Verlede deelwoorde van werkwoorde op **-eer** word in die Woordelys alleen aangegee in die vorm met **ge-**, b.v. **geaffekteer**, **geinformeer**, **geprotesteer**, hoewel daar ook vorme sonder **ge-** voorkom: **affekteer**, **informeer**, **protesteer**. Al is hulle nie opgeneem nie, word sulke **ge-**lose vorme tog erken.
- (3) Byvoeglik gebruikte verlede deelwoorde kan dikwels (soms na gelang van betekenisverskille) voorkom mét of sonder 'n slot-**d**; in die verboë vorm kry hulle altyd **-de**. Daarom skrywe ons in sulke gevalle kortheidshalwe b.v. **besorg(d)**, **-de**, **geleer(d)**, **-de**. (Vgl. die spelreël oor slot-**d**, reël 22).
- (4) Baie byvoeglike naamwoorde word sowel verboë as onverboë gebruik, meestal na gelang van betekenisverskille, b.v. **die arm man**, maar **die arme drommel**. In sulke gevalle het ons gewoonlik die **e**-tjie tussen hakies geplaas, b.v. **arm**, **(-e)**.

- (5) Byvoeglike naamwoorde op **-lik** en **-loos**, bywoorde op **-lik** en **-liks** en selfstandige naamwoorde op **-ling** en **-nis** kom dikwels voor in vorme met en sonder die swak beklemtoonde **e** voor die uitgang. Faktore van gevoelswaarde, Nederlandse invloed, nadruksaksent en ritmiese eise deurkruis die reëlmatigheid van die klankwette. (Vgl. reël 13).
- (6) Byvoeglike naamwoorde op **-g** het dikwels fleksievorme en afleidinge met of sonder **g**, b.v. **hoog hoë** of **hoge**; **hoér** of **hoger**. Hoewel die Woordelys alleen die vorme sonder **g** aangegee, word hier nadruklik gekonstateer dat die vorme met **g** as gelykgeregtigd erken word. (Oor die verskillende klankwaardes van die **g** binne of buite die fleksie vgl. reël 24).
- (7) Byvoeglike naamwoorde, veral byvoeglik gebruikte verlede deelwoorde, vertoon ook wisselvorme in hulle trappe van vergelyking, b.v. **geslepe**; **geslepener** of **meer geslepe**, **geslepenste** of **mees geslepe**. Sulke wisselvorme het ons hier en daar aangegee, maar nie konsekwent nie. Dit het trouens nikks met spelling te doen nie; vir die behandeling daarvan moet 'n grammatika geraadpleeg word. Die gebruiker van die Woordelys moet dus nie uit die afwesighed van sulke wisselvorme aflei dat hulle nie bestaan of nie erken word nie.
- (8) Naas ouer vorme soos **bedelary** kry ons nuwe Afrikaanse vorme soos **bedetry**. In die Woordelys gee ons dan sulke wisselvorme aan as volg: **bedel(a)ry** ens.
- (9) Die meervoudsvorme van selfstandige naamwoorde (of hulle wisselvorme het of nie) word in die reël net by die grondwoord aangegee, nie konsekwent by samestellinge nie (vgl. (1) bo), en by verkleinwoorde is dit meestal onnodig. In die gevalle van wisselvormige meervoudsvorme soos by **bed**, **bedde** of **beddens**; **vrou**, **vroue** of **vrouens**; **volk**, **volke** of **volkere** ens. word die verskillende vorme soms kortheidshalwe as volg aangegee: **bed**, **-de(ns)**; **vrou**, **-e(ns)**; **volk**, **-e(re)**. In ander gevalle is die aanduiding noodsaklik omslagtiger, b.v. **opmerking**, **-e** of **-s**.

Daar bestaan wisselvorme, soms met verskil van betekenis, wat ooreenkomsdig die derde grondbeginsel (§ I, 3) as volg aangedui word, b.v. **saad** of **saat**, **sade** of **sate**. Wanneer die verskille so vasgegroei is dat ons feitlik met twee aparte woorde te doen het, dan word hulle geskeie van mekaar behandel, b.v. **lid**, **lede** en **lit**, **litte**; **stad**, **stede** en **stat**, **statte**. In 'n nuwe samestelling soos **Kafferstat** kry ons dan net die vorm **stat**.

Selfstandige naamwoorde op **-g** soos **dag**, **filoloog**, **oog** ens. kan twee meervoudsvorme hê: **dae** of **dage**; **filoloë** of **filologe**; **oë** of **oge** (met verskillende klankwaardes van die **g**). In sulke gevalle word, weens die groter mate van gebruiklikheid, weens die skryftradiesie en die neiging van die taalontwikkeling alleen die vorme sonder **g** in die Woordelys aangegee, hoewel ook hier weer die vorme met **g** as gelykgerigtig erken word.

By vreemde woorde, b.v. die op **-cus** en **-um**, word ter wille van die konsekvensie die vreemde en die verafrikaanste vorme (in die enkv. sowel as in die mv.) naas mekaar aangegee, b.v. **botanicus**, **botanici** of **botanikus**, **-se**; **maximum**, **maxima** of **maksimum**, **-s**. In die praktyk kan dit beteken dat iemand b.v. sal skrywe **historikus** in die enkelvoud en **historici** in die meervoud; dit is dan 'n verafrikaanste enkelvoud en 'n vreemde meervoud. Maar ter wille van die konsekvensie gee ons die twee soorte vorme parallel aan. Spelvorme soos **historisie** word nie erken nie; hulle is bastervorme. Eintlik is vorme soos **kritici** ook bastervorme; met die oog op die gevestigde tradiesie is enkele (so min moontlik) daarvan ook erken. Vorme soos **historikusse** sal miskien in die skryftaal voorlopig nog geen byval vind nie; in die spreektaal is hulle baie gebruiklik. En waar hulle uit die aard van die saak veral in die spreektaal van min of meer ontwikkelde persone voorkom, kan hulle volgens ons eerste grondbeginsel (§ I, 1 bo) nie geweer word nie. Hulle staan trouens op een lyn met meervoudsvorme soos **museums**. Vreemde woord op **-cus** en **-um** word dan behandel ooreenkomsdig ons indeling van vreemde woorde in die algemeen (vgl. klas (c) van § IV).

- (10) Ten slotte het ons te doen met 'n groot aantal dubbelspelinge, waar die verskille nie op verskeidenheid van uitspraak berus nie, maar op die feit dat naas die vreemde ook 'n verafrikaanste vorm voorkom (vgl. klas (c) van § IV). Of ons b.v. spel **auteur** of **outeur**, **examinandus** of **eksaminandus**, **historicus** of **histrikus**, **lorgnet** of **lornjet**, **thermometer** of **termometer**, het met die kwessie van uitspraak niks uitstaande nie. Dit is alleen 'n saak van „vreemd“ of „verafrikaans“. Die beginsel waarop dit berus, word onder die verskillende spelreëls verduidelik en meer bepaald in die volgende twee paragrawe.

§ IV. VREEMDE WOORDE.

Woorde van vreemde oorsprong word in drie klasse verdeel, en ten opsigte van hulle spelling word die volgende algemene beginsels toegepas :—

- (a) Verafrikaanste, algemeen gebruiklike woorde word volgens die gewone Afrikaanse spelreëls geskrywe, b.v. **affère**, **ambiesie**, **andoelie**, **apteek**, **aspaaï**, **bagasie**, **bakatel**, **baklel**, **basaar**, **bobbejaan**, **dagga**, **dosyn**, **eksamen**, **ekskuuus**, **ekspres**, **famielie**, **ferweel**, **flennie**, **foeter**, **forseer**, **frikkadel**, **graweel**, **hoeka**, **horries**, **informasie**, **jokkie**, **koerant**, **koerasie**, **koevert**, **kommando**, **konsensie**, **konsert**, **lantern**, **lemoen**, **likkewaan**, **mielie**, **moesie**, **murasie**, **nôi** of **nool**, **oplenie**, **patrollie**, **pennie**, **piekniek**, **piering**, **plantasie**, **poeding**, **poliesie**, **presies**, **prinsipaal**, **reisies** of **resies**, **renoster**, **sarsie**, **sel**, **segment**, **sertifikaat**, **serwituut**, **sikspens**, **spesiaal**, **sukses**, **tameletjie**, **tamatie**, **arentaal**, **tjap**, **tjoekie**, **tradiesie**, **trippens**, **trollie**, **vabond** of **vagebond**, **volstruis** ens.
- (b) Wildvreemde en moeilik verafrikaansbare woorde behou sover moontlik hulle vreemde spelvorme, b.v. **abattoir**, **autochthon**, **auxiliair**, **boulevard**, **camouflage**, **carnivora**, **cautie**, **chthonisotherm**, **epitheton**, **fauna**, **garage**, **genle**, **genre**, **gentleman**, **ichthyosaurus**, **jingo**, **patois**, **phthisis**, **prestige**, **Renaissance**, **reservoir**, **rugby**, **sandhi**, **trotoir**, **trousseau**, **whisk(e)y** ens.
- (c) 'n Tussenklas van woorde, waarby twyfel bestaan of hulle onder (a) of (b) val, word op twee maniere geskrywe, 'n vreemde en 'n Afrikaanse skryfwyse, b.v. **auteur** of **outeur**, **café** of **kafee**, **cessie** of **sessie**, **cognac** of **konjak**, **diphtheritis** of **difterie**, **examinandus** of **eksaminandus**, **failliet** of **faljiet**, **gymnasium** of **gimnasium**, **historicus** of **historikus**, **luxe** of **luukse**, **paviljoen** of **pawiljoen**, **phylloxera** of **filloksera**, **thermometer** of **termometer**, **vanille** of **vanielje** ens.

§ V. VERAFRIKAANSING VAN VREEMDE WOORDE.

Uit die voorgaande blyk dat vreemde woorde van klas (b) en die vreemde vorme van klas (c) in die Woordelys sal verskyn in 'n spelvorm wat so na as moontlik by hulle oorspronklike skryfwyse staan.

By die verafrikaanste woorde van vreemde herkoms van klas (a) en by die verafrikaansing van woorde van klas (c) word die vreemde spelling gewysig na die voorbeeld van die skryfwyse van bekende,

gebruiklike, inheemse woorde. Waar, wanneer en in hoever dit gebeur, kan nie hier in besonderhede behandel word nie, maar sal onder die afsonderlike spelreëls sover moontlik verduidelik word. Dit raak alleen ten dele kwessies van spelling; tot op sekere hoogte behoort dit tot die gebied van die historiese klankleer. Die volgende algemene reëls geld egter vir 'n groot aantal gevalle:—

- a word e, ei of ie, volgens die uitspraak: **fiennie, gelling, hen(d)sop, resies of reisies; briek;**
- ae word e: estetiek, pedagogiek, prefiks;
- age word -asie: bagasie, koerasie, plantasie;
- ai word ē: affère, ordinér, populér, primér;
- au word a, o of ou, na gelang van die uitspraak: **agurkle; soays; apploudisseer, applous, pouss, pouse;**
- c word k, s of tj, volgens die uitspraak: **kafee, konsert; sel, sement; tjellis, tjello;**
- ch word g, k, s, sj of tj, na gelang van die uitspraak: **gerub, kategismus, meganies, Pasga, Pentateug, psigologie, tegniek; karakter, katkisasie, krisant, kroniek, mankoliek;**
- moestas, sampioen, sarsie; masjien, sjef, sjiek, sjokola; tjek;
- ck word k: kieks, krieket, trok;
- lang slot-e (in Franse woorde é) word ee: **apokopee, dinee, kafee, koepee, prokopee, sinkopee;**
- eau word o: **buro, kado, plato;**
- g word gh (aan die begin van woorde), k of s, al na die uitspraak: **gholf, ghries; bakatel, bokkie; loseer, losies (vgl. -age bo);**
- gn word nj: akkompanjeer, konjak, lornjet, sinjaal, sjampanje;
- gu word gh of ghw (aan die begin van woorde) of k, al na die uitspraak: **ghitaar of kitaar; ghwano of koewana; koejawel, likkewaan;**
- i word ie: kieks, krieket, piekniek, sjiek, s(j)ieling;
- ide word -ied: albuminoëd, alfenied, sikloëd, sulfied;
- ine word -ien: adenien, akonitien, allantoïen, aloïen;
- II word IJ: brillant, faljiet, medalje, miljoen, vanielje;
- oe word e: ekonomie, enologie, selibaat;
- ou word oe: andoelie, joernaal, koerant, koerasie, koevert;
- ph word f: alfabet, filosofie, fonetiek, foto;
- qu word k of kw, al na die uitspraak: **antik(w)iteit, sonkielijie, trankiel; antikwaries, konsekwent, kwadraat, kwartaal;**
- rh word r: renoster, retories, ritme, rumatiek;
- sc word s of sk, al na die uitspraak: **desendensie, disiepel, kon-sensie, transendentaal; transkripsie, viskose;**
- sch word sj: derwisj, fetisj, hasjisj;
- th word t: aptek, diftong, katolieke, ortodoks, simpatie, trippens;

- tie word **sie**: advertensie, aksie, essensie, nasie;
- u** word **o** in gesloten of **oe** in oop lettergrepe: bokkie, tornel, trok; ghoeroe, indoena;
- v** word **w**: aktiwiteit, graweel, koejawel, papawer, rewolwer, serwituit;
- x** word **ks**: eksamen, ekskuus, ekspres, sikspens;
- y** word **i** of **ie**: gymnasium, himne, sisteem; anoniem, asiel, bokkie, ponie;
- yde word -ied: aldehied, dioksied, formaldehied, oksied, peroeksied;
- z** word **s**: basaar, bison, masurka, susereiniteit.

§ VI. LETTERTEKENS.

Ons gebruik die gewone lettertekens. Die aanwending van letters met onderskeidingsstekens soos è, ó en ê sal onder die verskillende spelreëls behandel word.

Vir die klankwaardes deur die verskillende lettertekens voorgestel verwys ons na werke oor fonetiek, soos Le Roux en Pienaar se Afrikaanse Fonetiek.

§ VII. KLINKERS EN TWEELANKE.

1. In oop lettergrepe word die klinkers **a**, **e**, **o** en **u** gewoonlik nie verdubbel nie, b.v. **maat** maar **mate**, **been** maar **bene**, **sloot** maar **sloté**, **minuut** maar **minute**.

Opm. 1. Hierdie algemene reël geld nie vir die **e** in oop eindlettergrepe en in bepaalde fleksievorme en afleidinge nie (vgl. die reëls hieronder).

Opm. 2. Deeltekens word gebruik, waar dit nodig mag wees, om lettergrepe van mekaar te skei, b.v. byvoeglike naamwoorde op **-ieel** kry net in die verboë vorme deeltekens en werkwoorde op **-eer** net in afleidinge: **finansieel**, **kommersieel** maar **finansiële**, **kommersiële**; **differensieer**, **subsidieer** maar **differensiëring**, **subsidiëring**.

2. In oop eindlettergrepe word die klinkers **a**, **o** en **u** nie verdubbel nie, die **e** daarenteen wel, b.v. **karba**, **ma**, **pa**, **padda**; **buro**, **duo**, **foto**, **kommando**; **balju**, **parvenu**, **senu**, **skadu**; maar **gee**, **see**, **tee**, **twee**.

Opm. 1. Vreemde woorde van klas (b) en die vreemde vorme van klas (c) met die é behou die enkele é met die akcentteken (accent aigu): **attaché**, **café** (naas **kafé**), **congé**.

3. (a) Die meervoud van selfstandige naamwoorde met 'n **a** in 'n oop eindlettergreep in die enkelvoud behou die enkele **a** en kry (nes in die V.N.S.) 'n meervoudsuitgang **'s**, as die klemtoon op die **a** val, b.v. **karba's, ma's, pa's.**

(b) As die klemtoon egter nie op die **a** val nie, is die afkappingsteken onnodig, b.v. **oumas, oupas, outas, paddas.**

(c) Die meervoud van selfstandige naamwoorde met 'n **o** of 'n **u** in 'n oop eindlettergreep in die enkelvoud verdubbel nooit die klinker nie en kry altyd, nes die mv. van woorde op **-i**, 'n afkappingsteken, b.v. **buro's, duo's, foto's, Hugo's, kommando's; alibi's, Chiappini's, impi's; balju's, parvenu's.**

(d) Woorde met 'n dubbele **e** in 'n oop eindlettergreep kry 'n enkele **e** voor die uitgang **-e** en in afleidinge voor die ligte agtervoegsels **-er, -ery, -de** ens., b.v. **see** maar **seë, gee** maar **geér, geëry, twee** maar **twede.**

4. Woorde met 'n dubbele **e** in 'n oop eindlettergreep behou egter die dubbele **e** in afleidinge met die swaar of halfsterk beklemtoonde agtervoegsels **-agtig, -baar, -dom, -heid, -ling, -skap, -waarts** ens., b.v. **senuweagtig, onbetreebaar, weedom, tweeheid, tweeling, weduweeskap, seewaarts;** en ook in samestellinge, b.v. **seekus, teepot, tweeloop.**

5. Vreemde woorde met 'n **é** (vgl. reël 2 Opm. 1) behou in hulle vreemde vorm oral die **é** en in hulle verafrikaanste vorm **ee** en kry g'n afkappingsteken by die meervoudsuitgang nie, b.v. **attaché, attachés; café, cafés** of **kafee, kafees; cafétjie** of **kafeetjie; cafélne** of **kafeeiën; congé, congés; dinee, dinees** ens.

6. (a) Verkleinwoorde van selfstandige naamwoorde met 'n enkele **o** of **u** in 'n oop lettergreep verdubbel nie die **o** of **u** nie, b.v. **kommando, kommandotjie; balju, baljutjie.**

(b) Verkleinwoorde van selfstandige naamwoorde met 'n swak beklemtoonde **a** in 'n oop eindlettergreep verdubbel ook nie die **a** nie, die met 'n beklemtoonde **a** wel, b.v. **mamatjie, oumatjie, oupatjie, paddatjie, pappatjie; maatjie, mamaatjie, paatjie, papaatjie.**

Opm. 1. **Maatjie** is dus die verkleiningsvorm van **ma** sowel as van **maat.**

Opm. 2. Soos in Ndl. kry ons **blaadjie, gaatjie, paadjie, vaatjie** ens. as verkleiningsvorme van **blad, gat, pad, vat.**

(c) Verkleinwoorde van selfstandige naamwoorde met 'n dubbele **e** in 'n oop eindlettergreep behou die dubbele **e**, b.v. **seetjie, tweetjie, weduweetjie.**

7. Die **i**-klank word voorgestel deur **ie** in :

- (a) geslote lettergrepe van (i) alle Afrikaanse woorde: **dlef**, **dier**, **geskied**, **gler**, **klewiet**, **verniel** en van (ii) verafrikaanse woorde: **anoniem**, **elektries**, **flottielje**, **Israeliel**, **kosmopoliet**, **masjien**, **parasiet**, **piekniek**, **plesier**, **projektiel**, **subtiel**, **tragies**, **vanielje** (naas **vanille**), **vaselien**;
- (b) oop lettergrepe van (i) verboë vorme en afleidinge van alle Afrikaanse woorde: **diewe**, **diefie**, **dlewery**, **dieresie**, **geskiedenis**, **gierig**, **glerigheid**, **kiewietjie**, **vernielderig**, **vernieldery** en van (ii) verboë vorme en afleidinge (met die Afrikaanse uitgange **-er**, **erig**, **-ig** en die verafrikaanse uitgang **-ies**) van verafrikaanse woorde: **anonieme**, **elektriese**, **Israeliete**, **Israelieties**, **Israelietjie**, **kosmopoliëtes**, **masjlene**, **parasleties**, **plesierig**, **petieterig**, **projektele**, **subtieler**, **tragiese**, **tragleser** ens.

Opm. 1. Na die voorbeeld van woorde soos **elektriese** skrywe ons ooreenkomstig ons derde grondbeginsel dan ook die vroulike uitgang **-triese** altyd met **ie**: **aktriese**, **eksekutriese**, **inspektriese**, **lektriese** ens.

Opm. 2. Na die voorbeeld van woorde soos **Israelieties**, **kosmopoliëties**, **parasleties** skrywe ons ooreenkomstig ons derde grondbeginsel die slotlettergrepe **-ties** altyd met **ie**: **analieties**, **enklieties**, **krieties**, **proklieties**.

- (c) ander oop lettergrepe van (i) Afrikaanse woorde: **aple**, **badjie**, **bokmakierie**, **boompie**, **giegel** (naas **giggel**), **grieseltjie** of **krieseltjie**, **iedereen**, **iegelik**, **iemand**, **iewers**, **kiekie**, **kleisel**, **kiewiet**, **kriebel** of **kriewel**, **liederlik**, **niemand**, **niewers**, **skielik** (naas **skierlik**), **sterretjie**, **stjebueel**, **wiebel**, **wierook** ens. en van (ii) woorde wat nie meer as vreemd beskou word nie of sterk verafrikaans is: **advertisie**, **ambiesie**, **ammuniesie**, **artiekel**, **baadjie**, **bolmaklesie**, **briefie**, **famielie**, **fiemies**, **formasie**, **kammalielies**, **kiepersol**, **kierang** (naas **kurang**), **kierie**, **klandiesie**, **kondiesie**, **mielie**, **nasie**, **notiesie**, **petiesle**, **piekel**, **plerling**, **piesang**, **poliesie**, **posiesie**, **sarsie**, **suspiesie**, **tamatie**, **tiemie**, **tietel**, **tradiesie**, **tralie** ens.

Opm. 1. Na die voorbeeld van woorde soos **ambjesie**, **klandiesie**, **kondiesie**, **notlesie**, **posiesie** skrywe ons ooreenkomstig ons derde grondbeginsel die slotlettergrepe **-esie** altyd met **ie**: **inaniesie**, **inhibiesie**, **intuïesie**, **miliesie** ens.

Opm. 2. Die verkleinwoorde van **baadjie**, **balie** ens. is: **baadjietjie**, **balietjie**. Daarom skrywe ons ook die dubbele verkleiningsvorme as volg: **bontjietjie**, **boordjietjie**, **ertjietjie**, **mandjietjie**, **pinkietjie**.

8. Die **i**-klank word voorgestel deur **i** in:

- (a) geslote lettergrepe van enkele wildvreemde en vreemde woorde soos **chic** (naas **siek**), **derwisj**, **emir**, **fakir**, **fetisj**, **hasjisj**, **himne**, **ichthyosaurus**, **sinjaal**, **singaleer** (naas **signaal**, **signaleer**), **souvenir** (naas **soewenier**) ;
- (b) oop lettergrepe (ook eindlettergrepe) van ongebruiklike vreemde woorde en van gebruiklike woorde van vreemde oorsprong wat uitgaan op: **-a**, **-ai** (mv.), **-i**, **-ibel**, **-ide**, **-idies**, **-ine**, **-inies**, **-itis**, **-o**, **-on**, **-um**, **-us** ens.: **adrenaline** (naas **adrenalien**), **aktinies**, **albino**, **alibi**, **alkali**, **anhydride** (naas **anhidried**), **appendicitis** (naas **appendisitis**), **bison**, **blondine**, **botanici**, **carbonari**, **charivari**, **confetti**, **diphtheritis** (naas **difterie**), **embrio**, **fisika**, **fonetici**, **gummi**, **hibridies**, **hidra**, **hiper-**, **historici**, **ibis**, **impi**, **in disponibel**, **iris**, **juridies**, **kali**, **kilo**, **kina**, **kopiva**, **kritikus** (naas **criticus**), **laryngitis** (naas **laringitis**), **liga**, **lila**, **liter**, **macaroni**, **marine**, **merino**, **mika**, **minimum**, **minus**, **missive**, **mite**, **nephritis** (naas **nefritis**), **neuritis**, **papyrus** (naas **papyrus**), **pari**, **pharyngitis** (naas **faringitis**), **piramide**, **piton** (naas **python**), **plausibel** (naas **plousibel**), **prima**, **rachitis** (naas **ragitis**), **risiko**, **roetine**, **rosaki**, **sandhi**, **scriba**, **sifon**, **sinies** (naas **cynies**), **situs**, **spaghetti**, **spermaceti**, **spiritus**, **sulphide** (naas **sulfied**), **tifus** (naas **typhus**), **trio**, **turbine**, **urine**, **via**, **vice-** (naas **vise-**), **vermicelli**, **yspsilon** ens.

Opm. 1. Dit sal opgemerk word dat, hoewel by die formulering van die reëls vir die spelling **i/ie** die woord „aksent“ of „klem“ deurgaans vermy is, die **i**-klank in woorde van vreemde oorsprong nooit met **ie** in 'n swak beklemtoonde lettergreep geskryf word nie, behalwe in eindlettergrepe en by fleksievorme en afleidinge.

Opm. 2. Ooreenkomsdig die reël van die gelykvormigheid skrywe ons ook betreklik gebruiklike woorde van vreemde oorsprong met 'n **i** in oop lettergrepe na die voorbeeld van ander: **fisies** soos **fisika**; **fisikus**; **satiries** soos **satirkus**; **siklies** soos **siklus** (naas **cycles** en **cyclus**) ens.

9. (a) Lang oop **e**, **i**, **o** en **u** word in oop lettergrepe geskrywe met 'n kappie bo die klinker: **affère**, **bêre** (ww.), **hê**, **kêrel**, **lê**, **sê**, **wêreld**; **wie** (naas **wigge**, mv. van **wig**); **gô** (in **sy gô is uit**), **môre** (naas **more**), **nôi** (naas **nooi**), **sôa** (naas **sogge**, mv. van **sog**), **sôre** (naas **sorg(e)** as ww.); **brûens**, **rûens** (naas **brugge**, **rugge** ens., mv. van **brug** en **rug**).

Maar in gesloten lettergrepe kry die klinkers nie 'n kappie nie: **kers**, **perd**, **stert**, **ver** (bw.)

(b) Volgens ons derde grondbeginsel skrywe ons ook **ê** in gesloten lettergrepe, wanneer die klinker in verboë vorme in oop lettergrepe sou te staan kom, b.v. **militêr**, **ordinêr**, **populêr**, **primêr**, **skêr** na die voorbeeld van en in ooreenstemming met **militière**, **ordinière**, **populière**, **primière**, **skêre**.

Opm. 1. Ons skrywe **ê** in plaas van **ai** in (i) sterk verafrikaanse woorde soos **affère**, maar behou **ai** in vreemde woerde soos **air**, **clairvoyante**, **mondaine**, **prairie**, en (ii) in die uitgang van gebruiklike en maklik verafrikaansbare woerde soos **binêr**, **lineêr**, **militêr**, **ordinêr**, **populêr**, **primêr** ens., maar behou **ai** in die uitgang van wildvreemde en moeilik verafrikaansbare woerde soos **auxiliair**.

Opm. 2. Ons skrywe ook **blêr**, **geblêr**.

Opm. 3. Ons skrywe **è** in diewoordjies **dè** en **nè**.

Opm. 4. **â**, **é**, **ê** en **ô** tree ook op in vreemde woerde van klas

(b) en in die vreemde vorme van klas (c): **débâcle** (naas **debakel**), **dépêche**, **dépôt** ens.

10. (a) Die **au** van Ndl. woerde word altyd vervang deur **ou** **blou**, **grou**, **nou** (Ndl. **blauw**, **grauw**, **nauw**).

Opm. 1. In eiename en daarmee gelykstaande woerde word **au** behou: **Augustus**, **Australië**, **Litaue**, **Rautenbach**.

Opm. 2. Ook in die klanknabootsende woord **mia(a)u** word die **au** behou.

(b) Die **au** van vreemde woerde van klas (a) word vervang deur **a**, **o** of **ou**, al na gelang van die uitspraak: **agurkie**; **sosys**; **apploudisseer**, **applous**, **lourier**, **pous**, **pouse**, **sous**.

Woorde van klas (b) behou **au** en woerde van klas (c) kry **ou** naas **au**: **aubade**, **autochthon**, **auxiliair**, **cautie**, **fauna**, **ichthyosaurus**; **auteur** of **outeur**, **auto** of **outo**, **causaal** of **kousaal**, **causatief** of **kousatief**.

11. Volgens die tweede grondbeginsel word Ndl. **ei** in Afrik. behou: **lei, steil, wei** (Ndl. **leiden, steil, weiden**); maar Nedl. **ij** word in Afrik. vervang deur **y : ly, styl, wy** (Ndl. **lijden, stijl, wijden**).

Opm. 1. Soms tree **ei** op naas **ee** (met of sonder verskil van betekenis): **bleek** naas **bleik**, **teken** naas **teiken**, **vlees** naas **vleis**.

Waar die verband nie meer gevoel word nie en nuwe aanknopingspunte met werkwoordelike vorme in Afrik. ontstaan het, skryf ons **y : byt, gryp, sny, stryk** (Ndl. **beet, greep, snee, streek** in **op streek komen**).

Opm. 2. In vreemde woorde behou **y** die klankwaarde van **i**: **cynies** (naas **sinies**), **python** (naas **piton**), **typhus** (naas **tifus**).

12. Nes in die V.N.S. gee ons die Ndl. **ij** in uitgange waar die verband verbleek en die klank verswak is, soos in **-lik, -liks** ens., deur **i weer**: **dergelik, eerlik, jaarliks**; maar waar die klank vol is, word **y** behou: **bosryk, desgelyks, soortgelyk, talryk**.

Opm. 1. In ander verswakte vorme kry ons gewoonlik **e**: **besonder, betyds, dikwels, korswel**, maar **byvoorbeeld, terwyl**.

13. (a) Voor die uitgang **-lik** word die swak beklemtoonde **e** gewoonlik net geskrywe na:—

(i) **b, d, w**: **onhebbelik, duidelik, afskuwelik**.

(ii) **ft, gt, kt, pt, st**: **skriftelik, stigtelik, bedektelik, stiptelik, geestelik**.

Opm. 1. Verskillende faktore deurkruis hier die werking van die klankwette (vgl. die paragraaf oor wisselvorme). Ons kry b.v. ook sonder **e**: **duidlik, respektleflik** (naas **respektiewelik**) ens. en omgekeerd met **e**: **berispelik, feitelik** (naas **feitlik**), **triomfantelik** (naas **triomfantlik**) ens. Daarom skrywe ons b.v. **duid(e)lik, feit(e)lik, triomfant(e)lik**.

(b) Voor die uitgang **-ling** word die **e** dikwels geskrywe: **boeteling, drenkeling, ellendeling, lammeling, skigbreukeling, smekeling, stommeling** ens.

Opm. 1. Ook hier kom enkele wisselvorme voor: **liefling** naas **lieweling**, **sterfling** naas **sterweling**, **suig(e)ling**, **swerfling** naas **swerweling**; en na 'n **r** vorme sonder **e**: **bekeerling, huurling, kleurling, leerling** ens.

(c) Voor die uitgang **-loos** word dikwels **e** geskrywe: **gronde-loos**, **klakkeloos**, **roekeloos**, **troueloos**; maar (soms met verskil van betekenis): **nameloos** of **naamloos**, **smakeloos** of **smaakloos**, **soute-loos** of **soutloos**, **werkeloos** of **werkloos** ens.

Opm. 1. Woorde met 'n letterlike, konkrete betekenis kry gewoonlik nie 'n **e** nie: **naatloos**, **pynloos**, **rookloos**, **rymloos**, **spoorloos**, **talloos**.

(d) Voor die uitgang **-nis** word meestal **e** geskrywe: **bekentenis**, **getuienis**, **gevangenis**, **ontvangeren**, **verbintenis**, **verdoemens**, **vermoeienis** ens. Na 'n **r** kry ons alleen vorme sonder **e**: **hindernis**, **kommernis**, **treurnis**, **wildernis**. En na **f** skyn die vorme sonder **e** baie gebruikliker te wees: **begrafnis**. Ook hier tree dan weer wisselvorme op: **droef(e)nis**, **erf(e)nis**, **vergif(fe)nis**.

(e) Die uitgang **-erig** behou gewoonlik sy **e**: **houterig**, **slaperig**, **vakerig** ens., behalwe na **I**, **m**, **ng** voorafgegaan deur 'n swak beklemtoonde klinker: **bedelrig**, **knobbelrig**, **korrelrig**, **krum-melrig**; **wasemrig**, **doringrig**, **horingrig** of **toiningrig**.

Opm. 1. Byvoeglike naamwoorde op **-lm** en **-rm** word gereken tot die wat eindig op **-m** voorafgegaan deur 'n swak beklemtoonde klinker: **skelmrig**; **armrig**, **warm-rig**.

14. (a) Waar die Ndl. voorvoegsel **voor-** in Afr. verswak is tot **ver-**, word dit ook so geskrywe: **veral**, **vernaam**. Die voorsetsel word geskrywe **vir**: **dis vir jou**. Maar waar dit as voorvoegsel en nie meer as voorsetsel gevoel word nie, spel ons **ver** en skrywe dit aaneen met die volgende woord, terwyl die voorsetsel natuurlik apart staan: **vereers**, **vergoed**, **verlaas**, **verlief neem**, **verniet**, **vervas** (teenoor **vir eers**, **vir goed**, **vir laas**, **vir lief**, **vir niet**, **vir vas**).

(b) In 'n aantal verswakte vorme word 'n afkappingsteken gebruik in plaas van die verswakte klinker. Die Ndl. **een** (lidw.), **geen**, **het** en **zijn** word '**n**', **g'n** (naas die vol vorm **geen**), '**t**' (b.v. **hy is aan 't oes**) en **s'n** (naas die vol vorm **syn** of **syne**, vir manlik en vroulik, enkelvoud en meervoud gebruik: **dis Jan s'n**, **dis ma s'n**, **dis ons s'n**).

(c) Naas die selfstandig gebruikte **s'n** (**syn** of **syne**) kom die besitlike gebruikte **se** voor. Ons skryf dit vir manlik en vroulik, enkv. en mv.: **pa se pyp**, **ma se hoed**; **die man se geld**, **die meisies se klere**.

15. (a) Vokaalverbindinge soos **ae**, **ee**, **eie**, **eue**, **ie**, **iee**, **oe**, **oeie**, **ue**, **uie** ens., ontstaan deur die wegval van **d**, **g**, **w** voor 'n swak beklemtoonde **e**, kry kappies om lang oop klinkers aan te dui en

deeltekens om lettergrepe te skei, waar dit nodig mag wees: **dae**, **drae**, **vaa**; **geleë**, **geneë**, **leér**, **neë**, **reël**, **reën**, **seël**, **seën**, **verleë**; **êe**, **lêend**, **lêer**, **lêerig**; **breier**, **reier**, **weier**; **beuel**, **leuen**, **teuel**; **wie**; **bedrieë**, **bieë**; **droë**, **oë**, **vermoë**, **voël**; **koeël**, **ploeë**; **brûe** (mv. van **brug**), **rûe** (mv. van **rug**); **rue** (naas **ruwe**, verboë vorm van **ru**); **beduie**, **ruie**, **tuie** ens.

Opm. 1. Ou sametrekkinge wat al in Ndl. voorkom, kry egter g'n deeltekens nie. Vandaar **leer** (Ndl. **leder**) en **leer** (Ndl. **ladder**) teenoor **leér** (Ndl. **leger**) en **seel** (Ndl. **cedel** of **ceel**) teenoor **seël** (Ndl. **zegel**).

Opm. 2. Die verbinding **ae** is in suiwer Afrikaanse woorde altyd tweelettergrepig en kry nie 'n deelteken nie, in vreemde woorde wel, omdat dit daar kan staan vir die eenheidsklank **ae** (vir sover dit nie soos in **estetiek**, **pedagogiek** tot **e** oorgegaan het nie), b.v. **Caesar**, **quaestor**, as ook vir 'n tweelettergrepige verbinding wat dan deeltekens kry, b.v. **dodekaëder**, **heksaëder**, **tetraëder**. Hierdie **e** word behandel soos in **romboëder** ens.

(b) Sametrekkinge van die voorafgaande klinker en die **e** vind plaas voor **-nd** of **-nt** in dieselfde lettergreep, sodat die klinker net verdubbel word: **aand**, **afdraand**, **opdraand**; **geleenheid**, **ge-neenheid**, **reent**, **verleentheid**; **ondeurd**; **moondheid**, **moontlik**.

Opm. 1. Dit gebeur ook in enkele ander vorme waar die verband al verbleek is: **oomblik** teenoor **oënskynlik**, **gereeld** (bw.) teenoor **reël**.

Opm. 2. Verkleinwoorde volg die voorbeeld van die grondwoord: **reëltjie**, **voëltjie** ens. Ons kry dus **reëntjie** van **reën** en **reentjie** van **reent**.

Opm. 3. Waar die verband nog sterk is en kultuurinvloede mee-werk, kry ons onsamegetrokke vorme: **alvermoënd**, **geseënd** ens. By **neëntien**, **neëntig** staan die **n** en die **t** in aparte lettergrepe en het ons buitendien die voorbeeld van **neë**.

Opm. 4. Sametrekking vind ook plaas in **teen** (naas **teë**), **jeens** en **weens**, en in samestellinge van die eerste woord.

(c) Waar sametrekking plaasvind in oop lettergrepe, word die klinker geskryf volgens die gewone reëls hierbo (met verdubbeling al of nie, soos die geval mag wees): **drae** of **dra**, **jae** of **ja**, **klae** of **kla**, **vabond** (naas **vagebond**), **wa** (snw.), **wae** (ww.); **êe** of **ê**

(ww.), **gee, mee, vee** (ww.), **weë** of **wee**; **bieë** of **bie**, **vlieë** of **vlie**; **bo** (naas **bewe**), **droë** of **dro**, **glo**; **ploeë** of **ploe**, **spoe** of **spu** (teenoor **spuug**); **rye** of **ry**.

Opm. 1. Die snw. **wa** het as mv. **waens**; die verkleinwoord word dan geskryf **waentjie**.

16. Woorde op **-eng** en **-enk** word in ooreenstemming met die gebruiklikste beskaafde uitspraak in twee klasse verdeel:—

- (i) Uitsluitlik met **e**: **engel, Engels, meng, skenk** (in die betekenis van „gee”), **wenk** (Eng. „hint”).
- (ii) Uitsluitlik met **i**: **bring, ding, hingsel, skink** (Eng. „pour”), **wink** (Eng. „beckon”).

Opm. 1. Dit is duidelik dat ons hier te doen het met grade van verafrikaansing en kultuurinvloede. Die sterk verafrikaanste woorde met 'n konkrete betekenis het gewoonlik **i**, die minder sterk verafrikaanste **e**. Daarom kry ons ook wisselvorme. **Bring** en **dink** verskyn b.v. in samestellinge en afleidinge dikwels as **breng** en **denk**: **opbrengs** naas **opbrings**, **voortbrengsel**; **bedenklik**, **denkbaar**, **denkbeeld**.

17. Waar Ndl. **e** in Afrik. afwissel met **i** voor **m** en **n** daar word die **i**-vorm nie erken nie, dus alleen: **agent, end** of **ent, gemmer, rem, swem, tent**.

Opm. 1. In gevalle waar die **i**-vorm die algemeen Ndl. vorm is, word dit naas die ander erken: **kin** of **ken**, **win** of **wen**.

§ VIII. MEDEKLINKERS.

18. (a) Waar **b** en **d** aan die end van woorde as **p em t** uitgespreek word, skrywe ons tog **b** en **d**, as **b** en **d** in die verboë vorme gehoor word: **rib, ribbe; wind, winde**. As **p** en **t** daarenteen algemeen in die verboë vorme gehoor word, dan word hulle in ooreenstemming met die grondbeginsel van die gelykvormigheid ook in die onverboë vorme geskrywe: **krap, krappe; krip, krippe; lit, litte; stat, statte**. Daarom skryf ons ook **saad** of **saat**, **sade** of **sate** ens.

(b) Waar die slotkonsonant van die onverboë vorm nie deur die verboë vorm aangetoon word nie, daar volg ons die V.N.S.: **bad, baaie** (warm bronne); **pad, paaie; perd, perde** (uitgespreek **pêre**).

19. (a) In verafrikaanste woorde van klas (a) word **c** vervang deur **k** of **s**, al na die uitspraak: **konsert, piekniek; sel, sement**.

(b) In die verafrikaanste vorme van klas (c) tree **k**, **s** of **tj**, al na die uitspraak, naas **c** op: **café** of **kafée**; **cynies** of **sinies**; **cello** of **tjello**.

(c) In die woorde van klas (b) word **c** behou: **camouflage**, **cautie**, **Renaissance**, as ook in die vreemde meervoudsuitgang **-ci**: **botanici**, **fonetici**, **historici**.

20. (a) Die Ndl. **ch** word in Afrik. deur **g** vervang: **nag**, **tog**, **vrag**.

(b) In woorde van vreemde oorsprong word **ch** vervang deur **g**, **k**, **s**, **sj** of **tj**, na gelang van die uitspraak: **kategismus**; **katkisasie**; **sarsie**; **masjien**; **tjek** (vgl. § V).

(c) Waar die uitspraak van **ch** in vreemde woorde in Afrik. onvas is, d.w.s. waar **ch** as **g** of as **k** uitgespreek word, behou ons die oorspronklike **ch** om wisselvorme te vermy: **antichris**, **chaos**, **chemie**, **chloor**, **Christen**, **chronies**.

(d) In wildvreemde woorde word **ch** oral behou: **autochthon**, **charivari**, **chthonisotherm**, **Ichthyosaurus**.

21. Waar **d** na **l**, **n**, **r** van 'n voorafgaande lettergreep in Ndl. uitgespreek, maar in Afrik. dikwels aan die voorafgaande klank gelykgemaak word, daar bly die **d** in die Afrik. spelling behou: **eenders**, **helder**, **kelder**, **kinders**, **perde**, **wonder**.

22. (a) Werkwoordelik gebruikte verlede deelwoorde het g'n **-d** op die end nie, behalwe waar die grondwoord reeds op **-d** uitgaan: **die skape word getel**; **die huis word verander**; **almal het gestem**; **sy wil altyd bedien word**; **hulle het ons genooi**; **die dokter het die man se lewe gered**.

(b) Maar byvoeglik gebruikte verlede deelwoorde behou dikwels 'n uitgangs-**d** (veral na **l**, **m**, **n**, **ng**, **r**, klinkers en tweeklanke) teenoor vorme sonder 'n **-d**, al na gelang die byvoeglike of die werkwoordelike funksie oorweeg of ter onderskeiding tussen figuurlike en letterlike gebruik: **hy-is geleerd**, **die perd is onder die man geleer**; **die skool is gemengd**, **die wyn was met water gemeng**; **die professor is verstrooid**, **die troepe is vertrool oor die veld**.

Kortheidshalwe gee ons dus in die Woordelys aan: **geleer(d)**, **-dens**. Raadpleeg die Woordelys in hierdie verband.

Opm. 1. Die behoud van die uitgangs-**d** hang baie van kultuur-invloede af. Die slot-**d** word veral behou by deelwoorde van selfstandige naamwoorde afgelei: **beduiweld** of **beduweld**, **besnaar(d)**, **gespier(d)** ens.

23. **d** en **t** word aan die end van woorde na **f**, **g**, **k**, **p**, **s** meestal egter nie gehoor nie en derhalwe daar ook nie geskrywe nie: **drif**, **gif**, **hoof**; **benodig**, **nag**, **sag**, **tug**; **bedek** (bnw.), **bedruk** (bnw.), **direk**; **ongerep**, **stip** (bnw.), **verlep** (bnw.); **bors**, **kos**, **las**, **lus**, **mees**, **rus** (Ndl. **drift**, **gift**, **hoofd**; **benodigd**, **nacht**, **zacht**, **tucht**; **bedekt**, **bedrukt**, **direkt**; **ongerept**, **stipt**, **verlept**; **borst**, **kost**, **last**, **lust**, **meest**, **rust**).

Opm. 1. Waar die **d** en **t** in verboë vorme en afleidinge gehoor word, daar word hulle ook geskrywe: **driftig**, **giftig**, **hoofde**, **hoofdelik**; **benodigdhede**, **nagtelik**, **sagterig**, **sagtheid**, **tugteloos**; **bedektelik**, **bedruktheid**, **direkte**; **stiptelik**, **stiptheid**, **verleptheid**; **borste**, **kosteloos**, **lastig**, **lusteloos**, **meeste**, **rustig**.

Opm. 2. In samestellinge word die **t** ook meermale gehoor, veral voor 'n **h** (vgl. die afleidinge met **-heid**). Daarom skrywe ons b.v. **bors(t)rok**, **kos(t)huis**, **mees(t)al**.

Opm. 3. By enkele woorde kry ons dubbelvorme: **ag** of **agt**, **maag** of **maagd**, **tak** of **takt**, asook by samestellinge van hierdie woorde.

24. Tussen 'n beklemtoonde klinker of tweeklank en 'n swak beklemtoonde **e** val **d**, **g** en **w** dikwels weg en word hulle nie geskrywe nie: **bieér** (naas **bieder**), **breë**, **leier**, **wyer** (Ndl. **bieder**, **brede**, **leider**, **wijder**); **bedrieér**, **dae**, **hoér**, **weier** (Ndl. **bedrieger**, **dagen**, **hoger**, **weigeren**); **bo** (uit **bowe**), **glo** (uit **gelowe**), **oor** (uit **ower**) (Ndl. **boven**, **geloven**, **over**).

Opm. 1. Naas sulke vorme kom meermale wisselvorme voor waar die **d**, **g** en **w** behou is. Veral in die geval van **g** is sulke vorme baie gebruiklik: **dage**, **hoger** ens. Hierdie vorme word ook erken; maar kortheidshalwe het ons hulle in die Woordelys alleen aangegee waar hulle buite die fleksie voorkom, dus alleen: **dag**, **dae**, maar **eienaardig** of **eigenaardig**.

In die fleksievorme van suiwer Afrik. woorde het die **g** gewoonlik die klankwaarde van die **g** in Eng. **go**, **good** ens.; buite die fleksie het die **g** gewoonlik die klankwaarde van die **g** in Afrik. **goed**, asook in die fleksievorme van vreemde woorde.

Opm. 2. Oor die skryfwyse van vokaalverbindinge en same-trekkinge by die wegval van intervokaliiese **d**, **g** en **w** vgl. reël 15 (a), (b) en (c).

25. Tussen **r** en swak beklemtoonde **e**, en in sekere mate ook tussen **I** en swak beklemtoonde **e**, het **g** (as dit nie wegval nie) dieselfde uitspraak as die **g** in fleksievorme soos **dage** en in telwoorde soos **nege**, m.a.w. dieselfde klankwaarde as in Eng. **go, good** (vgl. reël 24, Opm. 1): **berge, burger, erger, ergernis, terge; gevölge, wilger** (naas **wilker**).

Vir hierdie klank word in Afrikaanse woorde g'n aparte teken gebruik nie. By wegval van hierdie **g** word die voorafgaande klinker gerek en kry dit in die spelling 'n kappie: **bére, sôre** en **têre** as ww. (Ndl. **bergen, zorgen, tergen**)

26. (a) In verafrikaanste vreemde woorde kom 'n **g**-klank voor met dieselfde klankwaarde as dié genoem in reëls 24 en 25. In sulke woorde word dit aan die begin weergegee deur **gh**: **ghan-tang, ghoera, ghoeroe, ghries**, asook in die woord **ghoen**. In ander lettergrepe word in sulke woorde egter net **g** geskrywe: **angora, jingo, mango**.

Opm. 1. In woorde soos **ghetto** en **spaghetti** volg ons net die vreemde spelwyse.

(b) Die verbinding **gu** word in verafrikaanste woorde **gh** of **ghw** (aan die begin) of **k**, al na die uitspraak: **ghitaar** of **kitaar, ghwano** of **koewana, ghwarrie, koejawel, likkewaan**.

(c) Woorde van vreemde oorsprong met die verbinding **gn** kry **nj** of wisselvorme met **nj**, as hulle nie die vreemde spelvorm met **gn** behou nie: **cognac** of **konjak, kompanjie, magnifiek** of **manjifiek, signaal** of **sinjaal, sinjeur**, maar **vignet**.

(d) In ander posiesies en buitekant die verbindinge hierbo genoem word die **g** in verafrikaanste woorde vervang deur **k** of **s**, al na die uitspraak: **bakatel, bokkie; loseer, losies**.

(e) In woorde van klas (b) word **g** (met verskillende klankwaardes en in verskillende posiesies) behou: **garage, genie, genre, gentleman, guer(r)illa, guillotine, prestige**.

Ook in verafrikaanste woorde soos **bagasie** word **g** dikwels behou. (Oor die uitgang **-age**, vgl. § V.)

27. In verafrikaanste woorde word **ll** vervang deur **lj**: **briljant, medalje, miljoen**; die woorde van klas (c) kry wisselvorme: **failliet** of **fajfjet, vanille** of **vanielje**; en by die woorde van klas (b) word **ll** behou: **faillissement, mitraillleur**.

28. In woorde van vreemde oorsprong word **ph, rh** en **th** vervang deur **f, r** en **t**: **fonetiek, fosfaat, foto; diarree, renoster, rumatiek; apteek, diftong, simpatie**. In woorde van klas (c) kry ons

wisselvorme: **diphtheritis** of **difterie**, **phyllloxera** of **filloksera**, **typhus** of **tifus**; **cataarrh** of **katar**; **thermometer** of **termometer**. In woorde van klas (b) word **ph**, **rh** en **th** behou: **phthisis**; **antirrhinum**; **chthonisotherm**.

29. Die verbinding **qu** word vervang deur **k** of **kw**, al na die uitspraak: **antik(w)iteit**, **sonkieltjie**, **trankiel**; **konsekwent**, **kwar-taal**; of kry wisselvorme met **k** of **kw**: **quadrille** of **kadriel**; **quorum** of **kworum**; of bly behou: **quaestor**, **quaestuur**, **quidproquo**.

30. Die verbinding **sc** word vervang deur **s** of **sk**, al na die uitspraak: **desendensie**, **konsensie**; **transkripsie**; of kry wisselvorme met **sk**: **scepticus** of **skeptikus**, **viscose** of **viskose**; of bly behou: **arteriosclerose**, **Fascisme**, **scriba**.

31. Ndl. **sch** word in Afrik. altyd as **sk** uitgespreek en dus ook so geskrywe: **skaap**, **skoen**, **skoon** (Ndl. **schaap**, **schoen**, **schoon**).

Opm. 1. Diē geld ook vir ou ingeburgerde woorde soos **skool** (Ndl. **school**). In 'n geval soos **skolastiek** (Ndl. **scholastiek**) gee ons as wisselvorm die ouer: **scholastiek**.

Opm. 2. In enkele woorde van vreemde oorsprong word **sch** vervang deur **sj**: **derwisj**, **fetisj**, **hasjisj**.

32. In enkele woorde van vreemde oorsprong word **sh** vervang deur **sj**: **sjibbolet**, **sjieling** (naas **sieling**).

33. (a) Positiewe op **-s** verdubbel die **s** in die superlatief: **boos**, **boosste**; **dwaas**, **dwaasste**.

(b) By samestellinge van selfstandige naamwoorde word **ss** geskrywe wanneer die stam van die eerste deel op **s** uitgaan en die tweede met **s** begin: **grassoert**, **toetssteen**; maar **gewete(n)saak**, **gewete(n)stryd**, **jongenskool**, **lewenskets**, **meisieskool**, **regeringssaak**.

34. Ons skrywe soos in die V.N.S. **altans**, **tans** en verder **nog-tans**, maar in afwyking van die V.N.S. ook **tuis** (as ook in samestellinge en afleidinge van hierdie woorde: **tuishuis**, **tuiskoms**, **tuiste**).

35. Die uitgang **-tie** word in verafrikaanse woorde gewoonlik vervang deur **-sie**: **aksie**, **essensie**, **kwessie** **nasie**; maar word behou in **amnestie**, **digestie**, **indigestie**, **suggestie** ens.

36. Waar **t** voor **s** in die Afrikaanse vorm van die ooreenkomsstige Nederlandse woord (van watter herkoms ook al) nie uitgespreek word nie, verdwyn dit in die spelling: **geplaa****s**, **mus**, **plaas** (Ndl. **geplaatst**, **muts**, **plaats**).

- Opm. 1. Naas **kwes** en **kwesbaar** kom ook voor **kwets** en **kwetsbaar** (gewoonlik met betekenisverskil) en alleen **kwetsend**, **kwetsing**, **kwetsuur**.
- Opm. 2. Hier kan ook genoem word samesmeltinge soos **dis** uit **dit is** en **nes** uit **net as**.
- Opm. 3. Dieselfde gebeur met **d** voor **s** in **aanstons**, **gousblom**, **saans**, **soggens** (Ndl. **aanstonds**, **goudsbloem**, **des avonds**, **des ochtends**).

37. (a) Die Ndl. **v** word in Afrikaans behou:—

- (i) Aan die begin van woorde: **van**, **veel**, **vol**, **voor**, **vul**, **vuur**.
- (ii) Ook waar die **v** van sulke woorde deur samestelling of afleiding in ander as beginlettergrepe optree: **aanvoor**, **aanvul**, **gevul**, **Invul**, **vervelig**, **vervul**.
- (iii) In lettergrepe wat nie onder (ii) val nie, gaan **v** voor 'n swak beklemtoonde klinker oor in **w**: **lewe**, **sewe**, maar voor 'n beklemtoonde klinker of tweeklank word dit (meestal in ou ingeburgerde woorde van vreemde herkoms) behou: **gravin**, **klavier**, **poly**, **rivier**, **slavin** (teenoor **grawe**, **slawe**, ens.).

(b) Meestal in ooreenstemming met Ndl., word die **v** in woorde van vreemde herkoms as volg behandel:—

- (i) Aan die begin van woorde bly **v**: **vaas**, **variant**, **varlasie**, **veranda**, **verbaal**, **verbum**, **viesie**, **vokaal**, **vokasie**, **vokatief**.
- (ii) Ook waar die **v** van sulke woorde deur samestelling of afleiding in ander as beginlettergrepe optree: **adverbiaal**, **adverbium**, **divariant**, **diviesie**, **invokasie**, **konvokasie**, **pro-viesie**, **reviesie**, **revokesie**, **revokeer** ens.
- (iii) In ander middellettergrepe wat nie onder (ii) val nie, bly die **v** voor 'n beklemtoonde klinker benou (behalwe in **graweel** en **rewolwer**): **aktivering**, **diverse**, **galvanies**, **konvensie**, **provinsie**.
- (iv) In ooreenstemming met die reël van die gelykvormigheid ook in afleidinge van woorde soos die bogenoemde (waar die **v** nie voor 'n beklemtoonde klinker staan nie): **diversiteit**, **galvaniseer**, **konvensioneel**, **provisioneel**, **provinsiaal**.

- (v) 'n Aantal dubbelvorme word erken by woorde soos **dividend** of **diwldend**, **paviljoen** of **pawiljoen**, **revolusie** of **rewolusie**.
- (vi) Die **v** word egter vervang deur **w** waar in Afrikaans 'n duidelike **w** gehoor word, meestal voor 'n swak beklemtoonde vokaal, soos in die fleksievorme: **aktiewe**, **vokatiewe** en in woorde soos **aktiwiteit**, **koeJawel**, **konserwatiëf**, **papawer**, **serwituut**.

38. (a) Vir sover die **w** nie volgens reël 37 naas **v** verskyn nie, tree dit in fleksievorme op naas **f**: **dof**, **dowwe**; **grof**, **growwe**; **stof**, **stowwe**; **straf**, **strawwe**.

(b) Die **w** verdwyn in die Afrikaanse spelling orals waar dit nie gehoor word nie: **afsku**, **blou**, **eeu**, **nuus**, **nuut**, **vrou** ens., maar **afskuwelik**, **ewig**, **nuwe**. Hiermee verdwyn dus ook die verskil in spelling tussen die pers. en bes. vnv. Gevolglik skrywe ons: **ek ken jou (u)**, **dis jou (u) boek**.

39. In verafrikaanste woorde word **x** vervang deur **ks**: **eksamen**, **ekskuuus**, **ekspres**, **sikspens**; die woorde van klas (c) kry wisselvorme: **alexandry** of **aleksandry**, **examinandus** of **eksaminandus**, **exodus** of **eksodus**, en by die woorde van klas (b) word **x** behou: **auxiliair**, **exothermies**, **xenograaf**, **xylograaf**.

40. (a) Die Ndl. **z** word in Afrikaans, behalwe in eiename, altyd vervang deur **s**: **sang**, **so**, **sorg** (Ndl. **zang**, **zo**, **zorg**).

(b) In klanknabootsende woorde soos **zits** en **zoem** word dit behou.

(c) In vreemde woorde word dit meestal vervang deur **s**: **baasar**, **bison**, **masurka**, **susereiniteit**, maar behou in woorde soos **maizena**, **protozoön**, **zero**, **zirconium** ens.

41. (a) 'n Medeklinker word in Afrikaanse woorde dubbel geskrywe wanneer dit tussen 'n kort beklemtoonde klinker en 'n volgende klinker staan: **mak**, **makker** (teenoor **maker**), **stof**, **stowwe** (teenoor **stowe**).

Wanneer die voorafgaande klinker daarenteen wel kort is, maar nie die hoofklem dra nie, word die medeklinker nie verdubbel nie; **heerlik**, **heerliker**; **middel**, **middele**.

Opm. 1. Afleidinge met halfsterk beklemtoonde agtervoegsels soos **-dom**, **-skap** verdubbel in fleksievorme wel die slotkonsonant van die agtervoegsel: **eiendomme**, **landskappe**.

(b) In die geval van vreemde woorde word sover moontlik die Ndl. spelling as rigtsnoer gevolg ten opsigte van die verdubbeling van medeklinkers: **baseer**, **interessant**, **klassikaal**, **papegaai**, **paraffien**, **parallel**, **passeeer** ens.

Opm. 1. Waar vergissinge of inkonsekvensies voorkom, word egter van die V.N.S. afgewyk. Daarom skrywe ons o.a. **akkommodasie**, **appelleer**, **guer(r)illa**, **komitee**, **konkurreer**, **omelet**, **plakkaat**.

(c) Waar die Ndl. spelvorme weens vormverskille, onbekendheid van die woorde, of om watter rede ook al, weinig leiding kan gee vir die Afrik spelling, daar handhaaf ons die Afrikaanse spellingtradisie en skrywe ons (i) met 'n dubbele konsonant: **bobbejaan**, **frikkadel**, **likkewaan**, **okkerneut**, **pikkewyn** en (ii) met 'n enkele medeklinker: **tameletjie**, **tarentaal**, **tasal**.

(d) Woorde wat, sover dit Afrikaans betref, verband hou met woorde op **-n** (voorafgegaan deur 'n kort beklemtoonde vokaal, behalwe **oe**) kry 'n dubbele **n**: **Japannees**, **kanonnade**, **kanonneer**, **paronneer**, **Soedannees**; maar **fatsoeneer**, **harpoeneer**, **pensioeneer**, **spioeneer**.

(e) Woorde wat, sover dit Afrikaans betref, nie verband hou met woorde op **-n** nie, kry 'n enkele **n**: **fraksioneer**, **funksioneel**, **funksioneer**, **impressionisme**, **passioneer**, **petisionaris**, **petisioneer**, **reaksionêr**, **rewolusionêr** (naas **revolusionêr**), **stasioneer**.

42. Ten opsigte van die verdeling in lettergrepe moet op die volgende punte gelet word:—

- (a) In die geval van duidelike samestellende woorde tussen die samestellende dele geskei: **daar-om**, **hier-oor**.
- (b) Voorvoegsels, agtervoegsels wat met 'n konsonant begin (**-baar**, **-dom**, **-heid**, **-ling**, **-skap**, **-te**, **-waarts**) en halfsterk beklemtoonde agtervoegsels wat met 'n vokaal begin (**-aard**, **-aardig**, **-agtig**) word geskeie: **be-gin**, **ge-trou**, **te-vrede**, **ver-slaan**, **bood-skap**, **ge-berg-te**, **mooi-heid**, **ryk-dom**, **see-waarts**, **trou-baar**, **twee-ling**; **blou-agtig**, **grys-aard**, **kwaad-aardig**; maar **be-ter**, **hou-terig**, **se-dig**.
- (c) As daar net een medeklinker is, word dit by die volgende lettergreep getrek: **ko-ning**, **ma-ker**, **ma-ne**, **nu-we**.
- (d) As daar twee medeklinkers is, val die verdeling tussen die twee: **mak-ker**, **man-ne**, **win-de**.
- (e) Hoewel **dj**, **ng**, **tj** enkelklanke is, geld hulle by die lettergreepverdeling dikwels as twee medeklinkers: **bad-jie**, **hon-ger**, **pit-jie**.

Opm. 1. By die verkleiningsuitgange met **dj** en **tj** hang die verdeling vir 'n groot deel af van die grondwoord: **balju-tjie**, **kommando-tjie**, **padda-tjie**, **see-tjie** (teenoor **beet-jie**, verkleinwoord van **beet**, en **net-jie**).

- (f) By klinkers en tweeklanke word die verdeling gemaak tussen die klinkers of tussen die tweeklank en die klinker: **da-e**, **lē-er**, **leu-en**, **rū-e**; **rei-er**, **wei-er**.

Opm. 1. Gewoonlik toon deeltekens hier die lettergreetverdeling aan, waar dit nodig mag wees: **geleë**, **oë**, **ploeë** (vgl. reël 15, a, b, c).

Opm. 2. Vir meer besonderhede oor lettergreetverdeling moet grammatikas en werke oor fonetiek geraadpleeg word.

§IX. SAMESTELLINGE EN WOORDKOPPELINGE.

Die aaneenskrywe van woorde gee las in die praktyk, omdat so dikwels geskeie word wat aaneen behoort te wees. 'n Heeltemal bevredigende formulering van reëls vir die aaneenskrywe van woorde is moeilik te gee. Die volgende opmerkinge wil alleen leiding probeer verskaf. Vir meer besonderhede moet grammatikas en ander taalkundige werke geraadpleeg word.

Aaneen word geskrywe:—

- (1) Orals waar die woorde 'n vaste eenheid vorm: **dakpan**, **geelhout**, **groendruwe**, **kwajongstreek**, **stinkhout**, **ysterklip**.
- (2) As die verbindingsklanke **e** en **s** aanwesig is tussen die dele van die samestelling: **armesorg**, **blindeskool**, **gewetensvryheid**, **opleidingsinrigting**, **vraeboekie**.
- (3) Waar ou fleksievorme nog bewaar is: **Dominikanermonnik**, **Franciskanerklooster**, **haarlemmerolie**.
- (4) Waar byvoeglike naamwoorde wat anders sou verbuig, onverboë bly: **dubbelpunt**, **fransdruwe**, **halfuur**.
- (5) Geografiese name waarvan die laaste deel 'n soortnaam is: **Adderleystraat**, **Bergrivier**, **Bréérivier**, **Kaapstad**, **Kroonstad**, **Oranjerivier**, **Tomstraat**, **Ventersdorp**.
- (6) Selfstandige naamwoorde waarvan die eerste deel die stof aandui: **ferweelbroek**, **grasdak**, **sykouse**, **ysterpaal**.

Opm. 1. Echte stoflike byvoeglike naamwoorde op -e word natuurlik apart geskrywe: '**n goue ketting**', en ook wanneer hulle 'n figuurlike betekenis het: '**n stale wil**'.

Gewoonlik word die koppelteken aangewend:—

- (1) By minder vaste woordverbindinge: **seekus-Kafferstam, skooldae-herinneringe**.
- (2) By minder voorkomende verbindinge bestaande uit eienaam en soortnaam: **Chicago-tentoonstelling, Milner-politiek, Moskou-ekspediesie**.
- (3) By geografiese name waar onderskeidinge soos die volgende gemaak word: **Noord-Holland, Suid-Afrika, Wes-Europa**.
- (4) Waar samestellinge lank is en aaneengeskrywe moeilik leesbaar sou wees: **bloukop-koggelmander, kommetjiegt-muishond, skooleindsertifikaat-eksamen, witkeel-dijkbeksyse**.
- (5) Waar woordkoppelinge tot vaste eenhede gegroeи het en aaneenskrywe tog onmoontlik is: **blinkblaar-wag-'n-bietjie, kruidjie-roer-my-nie(t), ouvrou-onder-diē-kombers, wag-'n-bietjie-boom**.
- (6) By opeenhoping van klinkers in die middel van samestellinge, wat hinderlik is by die lees: **blinde-instituut, eeue-oue, see-eend, wa-as**.
- (7) Waar koppeltekens noodsaaklik is om dubbelsinnigheid te vermy: **bek-af, by-e-sel**.
- (8) By redupliserende formasies: **beri-beri, bietjie-bietjie, fluit-fluit, gou-gou, skelm-skelm, tjakkie-tjakkie**.
- (9) By samegestelde tietels: **generaal-majoor, kommandant-generaal, luitenant-kolonel, sersant-majoor**.
- (10) By samegestelde name van tale, dialekte of taalperiodes: **Angel-Saksies, Anglo-Fries, Fries-Frankies, Indo-Germaans, Middel-Nederlands, Nieu-Nederlands of Nu-Nederlands, Ou(d)-Germaans**. Daarenteen skrywe ons: **Hoogholland, Nedersaksies, Platduits**.
- (11) By samestelling met **oud-** in die sin van „gewese“: **oud-amptenaar, oud-burgemeester, oud-ouderling**.
- (12) By samestellinge met **-hulle** waar dit 'n kollektiewe begrip aandui: **pa-hulle**.

Opm. 1. By ou vaste eenhede soos **Drieéenheid, drieönig**, by fleksievorme soos **knieë, seë** en by die wegval van konsonante tussen vokale soos in **bedrieë, geleë, oë, ploëë** word gewoonlik deeltekens gebruik (vgl. reël 15, a, b en c). Raadpleeg in hierdie verband die Woordelys.

§ X. LEESTEKENS.

By die interpunksie kan oor die algemeen rekening gehou word met twee vername beginsels:

- A.—Die ritmiese beginsel,
waarby die skrywer hom laat lei deur die in die lewende taal gevoelde aksentuasie en pauses;
- B.—Die grammatische beginsel,
wat help om 'n aantal gevalle waar twyfel moontlik is, so te reël dat die groots moontlike duidelikheid verkry word.

Die eerste beginsel laat baie oor aan die gevoel van die individuele skrywer, veral natuurlik van die kunstenaar.

Dit is wenslik dat die tweede meer in besonderhede verduidelik word. Veral geld dit vir die gebruik van die komma.

- (1) Die gebruik van die komma is noodsaklik:
 - (a) in gevalle van parentese, d.w.s. as daar in 'n sin woorde ingevoeg word wat die bou van die sin nie wysig nie: „Oppas,” het die baas gesê, „tot ek weer kom”; Daardie Vrydag, onthou jy, het ons vertrek; Die woorde is, op die keper beskou, nie te duidelik nie; Die boek is, om kort te gaan, 'n meesterwerk; Ons moet, of ons wil of nie, die skrywer bewonder; Jy het mos, doringstruikie, my ander dag gekrap; Paul Kruger, die President van die Transvaalse Republiek, was 'n vrome man;
 - (b) voor en na 'n vokatief: Wag, neef Kerneels, tot jy alles weet; Vader, die taak is swaar;
 - (c) tussen twee gelykwaardige dele in 'n sin wat opgestel word sonder die bindende en: Die see het juwele, robyne; Ons weet wie die boek geskryf het, waарoor dit handel, wat sy strekking is;
 - (d) tussen twee werkwoorde wat by verskillende sinne of sinsdele behoort: Toe ek vanoggend wakker word, voel ek somar die wêrelд staan met sy agterkant na my toe;
 - (e) voor die meeste bywoordelike blysinne wat volg na die hoofsin: Ek het weer hulp gekry, al het ek nie daarom gevra nie;
 - (f) voor dié byvoeglike blysinne wat 'n eksplikatiewe bepaling bevat by die antecedent, en wat dus 'n nuwe gedagte in die sin invoer: Orals in die omgewing van Kaapstad lê hoe berge, wat in die dae van Van Riebeeck nog van wild gewemel het.

Is die antesedent 'n hele sin, dan is die **wat**-sin altyd eksplikatief: Die mense het tegelyk verongeluk, wat 'n skok was vir die hele dorp.

Staan daar 'n substantief in die voorafgaande sin, dan kan daar twyfel bestaan oor die gebruik van die komma, b.v. in: Die advokaat het 'n welsprekende pleidooi gelewer, wat die regters laat besluit het om die beklaagde vry te spreek.

(2) Die gebruik van die komma is aan te beveel:

- (a) voor **en**, wanneer die twee deur **en** verbonde sinne nie dieselfde konstruksie vertoon nie: Maar hy het besware, en dis die beste dat hy hulle te berde bring;
 - (b) voor **maar**, wanneer dit 'n hele sin-inlei: Die werk gaan met moeilikheid gepaard, maar ons sal dit regkry;
 - (c) tussen twee voegwoorde: Hulle vrees dat, as die dokter nie betyds kom nie, die sieke sal beswyk;
 - (d) wanneer die sin 'n buitengewone lengte vertoon. Dan is dit raadsaam om op gesikte plekke 'n komma te skryf.
- (3) In al die ander gevalle moet die gebruik al of nie van die komma vrygelaat word.

Opm. 1. Die gebruik van die orige leestekens is eintlik so vanselfsprekend, dat daar geen wenke voor gegee word op hierdie plek nie. 'n Bruikbare handleiding gee b.v. die Afrikaanse Stylleer van Botha en Burger, bls. 143-145 en 150-154.

AFKORTINGE.

| | | | | | | | |
|---------------|-------------|-----|-----|-----|-----|-----|--------------------------------------|
| bes. | vnw. | ... | ... | ... | ... | ... | besitlike voornaamwoord. |
| bnw. | | ... | ... | ... | ... | ... | byvoeglike naamwoord. |
| bw. | | ... | ... | ... | ... | ... | bywoord. |
| d.w.s. | | ... | ... | ... | ... | ... | dit wil sê. |
| enkv. | | ... | ... | ... | ... | ... | enkelvoud. |
| ens. | | ... | ... | ... | ... | ... | en so voort. |
| Ndl. | | ... | ... | ... | ... | ... | Nederlands. |
| m.a.w. | | ... | ... | ... | ... | ... | met ander woerde. |
| mv. | | ... | ... | ... | ... | ... | meervoud. |
| opm. | | ... | ... | ... | ... | ... | opmerking. |
| pers. | vnw. | ... | ... | ... | ... | ... | persoonlike voornaamwoord. |
| snw. | | ... | ... | ... | ... | ... | selfstandige naamwoord. |
| telw. | | ... | ... | ... | ... | ... | telwoord. |
| V.N.S. | | ... | ... | ... | ... | ... | Vereenvoudigde Nederlandse Spelling. |
| vnw. | | ... | ... | ... | ... | ... | voornaamwoord. |
| voegw. | | ... | ... | ... | ... | ... | voegwoord. |
| voors. | | ... | ... | ... | ... | ... | voorsetsel. |
| ww. | | ... | ... | ... | ... | ... | werkwoord. |



AFRIKAANSE WOORDELYS

A

a, -'s.
 a!
 a, ge-a (*kindertaal*).
 aaklig, -e; -er, -ste.
 aal, ale.
 aalmoes, -e.
 aalwee of alewee, -s of aalwyn, -e.
 aalwyn, -e of aalwee of alewee, -s.
 aambeeld, -e.
 aambei, -e.
 aamborstig, -e.
 aan.
 aanbestee, het —.
 aanbeveel, het —.
 aanbevelenswaardig, -e.
 aanbid, het —.
 aanbiddelik, -e.
 aanbie(d) of aanbieë, aangebie(d) of aangebieë.
 aanbod of aanbot, aanbiedinge of aanbiedings of aanbotte.
 aanbrand, aangebrand.
 aanbrandsel, -s.
 aanbrei, aangebrei.
 aanbring, aangebring.
 aand, -e.
 aandadig, -e.
 aandag.
 aandagtelyk of aandagtiglik, -e.
 aandagtig, -e.
 aandblommetjie, -s.
 aandeel, aandele.
 aandeelhouer, -s.
 aandenking, -e of -s.
 aandoen, aangedoen ('n hawe aandoen), aangedaan (be-invloed).
 aandoenlik, -e.

aandra(e) of aandraag, aangedra(e) of aangedraag.
 aandraer, -s.
 aandryf of aandrywe, aangedryf of aangedrywe.
 aandui(e), aangedui(e).
 aaneen.
 aaneenflans, aaneengeflans.
 aaneenry(e) of aaneenryg, aaneengery(e) of aaneengerryg.
 aaneenskuif of aaneenskuife, aaneengeskuiif of aaneengeskuiwe.
 aanerd, aangeérd.
 aanfok, aangefok.
 aangaande.
 aangebedene, -s.
 aangebore.
 aangedaan.
 aangee, aangeë.
 aangee, aangegeee.
 aangeér, -s.
 aangeérf, -de.
 aangegewe.
 aangeklaagde, -s.
 aangenaam, aangename; aangenamer, aangenaamste.
 aangesien.
 aangesig, -te.
 aangespe(r), aangegespe(r).
 aangetroud, -e.
 aangetroude, -s.
 aangooi, aangegooi.
 aangord, aangegord.
 aangrensend, -e.
 aangryns, aangegryns.
 aangrypend, -e.
 aanhaal, aangehaal.
 aanhaling, -e of -s.
 aanhalingsteken, -s.

aanhangsel, -s.
 aanhanklik, -e.
 aanhê, aangehad.
 aanhits, aangehits.
 aanhou, aangehou.
 aanhoudend, -e.
 aanhouer, -s.
 aanja(e) of aanjaag, aange-
 ja(e) of aangejaag.
 aankant (*die huis is —*).
 aankla(e) of aanklaag, aank-
 gkla(e) of aangeklaag.
 aanklaer, -s.
 aanklag, -te of -tes.
 aanklam, aangeklam.
 aanklamp, aangeklamp.
 aanklee(d), aangeklee(d).
 aankleef of aanklewe, aank-
 gekleef of aangeklewe.
 aanlê, aangelê.
 aanleg.
 aanleiding, -e of -s.
 aanloklik, -e.
 aanmaning, -e of -s.
 aanmarsjeer, aangemarsjeer.
 aanmatig, aangematinig.
 aanmatigend, -e.
 aanmeld(e), aangemeld(e).
 aanmerking, -e of -s.
 aanmerklik, -e.
 aannaai, aangenaai.
 aanneem, aangeneem.
 aanneemlik, -e.
 aanneming.
 aanpiekel, aangepiekel.
 aanrand, aangerand.
 aanranding, -e of -s.
 aanreik, aangereik.
 aanrig, aangerig.
 aanry, aangery.
 aanry(e) of aanryg, aange-
 ry(e) of aangeryg.
 aans.
 aansetting, -e of -s.

aansien (*in —*).
 aansienlik, -e.
 aansies.
 aansit, aangesit.
 aansjou, aangesjou.
 aanskaf, aangeskaf.
 aanskou, het —.
 aanskouing, -e of -s.
 aanskou(e)lik, -e.
 aanskryf of aanskrywe, aan-
 geskryf of aangeskrywe.
 aanskrywing, -e of -s.
 aanskuiif of aanskuiwe, aan-
 geskuif of aangeskuwe.
 aanslaan, aangeslaan.
 aanslag, aanslae.
 aanslib, aangeslib.
 aanslibbing, -e of -s.
 aansoek, -e.
 aanspeld(e), aangespeld(e).
 aanspoe(g) of aanspu(ug),
 aangespoe(g) of aange-
 spu(ug).
 aanspoor, aangespoor.
 aanspraaklik, -e.
 aanspreeklik, -e.
 aanspu(ug) of aanspoe(g),
 aangespu(ug) of aange-
 spoe(g).
 aanstaan, aangestaan.
 aanstaande, -s.
 aanstaande (*bnw.*).
 aanstalte(s).
 aansteek, aangesteek.
 aansteeklik, -e.
 aanstel, aangestel.
 aanstelling, -e of -s.
 aanstellings (*mv.*).
 aanstons.
 aanstoot, aanstote.
 aanstoot, aangestoot.
 aansuiwer, aangesuiwer.
 aantal, -le.
 aanteel (*snw.*).
 aanteel, aangeeteel.

| | |
|---|-----------------------------------|
| aanteelgoed. | aapskilloeder (<i>jou — !</i>). |
| aanteelvée. | aar, are. |
| aantog (<i>in —</i>). | aarbei, -e. |
| aantrek, aangetrek. | aard (<i>snw.</i>). |
| aantreklik, -e. | aard, ge-. |
| aantyg, aangetyg. | aardbewing, -e of -s. |
| aantyging, -e of -s. | aarde. |
| aanvaar (<i>aanneemi</i>), het —. | aardig, -e; -er, -ste. |
| aanvaar (<i>van 'n skip</i>), aan- | aardig (<i>bw.</i>). |
| gevaar. | aardigheid, aardighede. |
| aanvaarding (<i>aanneming</i>). | aardryk. |
| aanval, -le. | aards, -e. |
| aanval, aangeval. | aardsgesind, -e. |
| aanvallig, -e. | aardskok, -ke. |
| aanvalsein, -e. | aars, -e. |
| aanvang (<i>snw.</i>). | aarsel, ge-. |
| aanvang, aangevang. | aarseling, -e. |
| aanvangstadium. | aartappel of ertappel, -s. |
| aanvanklik, -e. | aartappelmoer of ertappel- |
| aanvanklik (<i>bw.</i>) | moer, -e. |
| aanvaring, -e of -s (<i>van 'n</i> <i>skip</i>). | aartsbiskop, -pe. |
| aanverwant, -e (<i>bnw.</i>). | aartsvaderlik, -e. |
| aanverwante (<i>enkv. en mv.</i>), -s. | aas (<i>kreng</i>). |
| aanvlie(g), aangevlie(g). | aas, ase (<i>in kaartspel</i>). |
| aanvoer, aangevoer. | aas, ge-. |
| aanvoerder, -s. | aasvoël, -s. |
| aanvraag, aanvrae. | ab, -te. |
| aanvra(ag), aangevra(ag). | abattoir, -s. |
| aanvroetel, aangevroetel. | abba, ge-. |
| aanvryf of aanvrywe, aange- | abdis, -se. |
| vryf of aangevrywe. | abdominoskopie. |
| aanwakker, aangewakker. | abdy, -e. |
| aanwas, aangewas. | aberrasie, -s. |
| aanwen, aangewen. | ablaktasie. |
| aanwensel, -s. | ablatief, ablatiewe. |
| aanwerf of aanwerwe, aan- | abnormaal, abnormale. |
| gewerf of aangewerwe. | abnormaliteit, -e. |
| aanwesig, -e (<i>bnw.</i>). | abonnee, -s. |
| aanwesige, -s (<i>snw.</i>). | abonneer, ge-. |
| aanwesigheid. | abortief, abortiewe. |
| aanwyser, -s. | abortus. |
| aap, ape. | abradabra. |
| | abrogasie. |

| | |
|---|--|
| absent <i>of</i> opsent (<i>afwesig</i>). | admissie. |
| absenteer, ge-. | admissie-eksamen, -s. |
| abses, -se. | adolſensie. |
| absint. | Adonis. |
| absintien <i>of</i> absintine. | adoons. |
| absolusie. | adosſeer, ge-. |
| absolutisme. | adrenalien <i>of</i> adrenaline. |
| absoluut, absolute. | adres, -se. |
| absoluut <i>of</i> opsluit (<i>bw.</i>). | adressee, ge-. |
| absorbeer, ge-. | advent. |
| absorpsie. | adverbiaal, adverbiale. |
| abstraheer, ge-. | adverbium, adverbia. |
| abstrak, -te. | adverteer, ge-. |
| abstraktheid. | advertensie, -s. |
| absurd, -e. | advies. |
| absurditeit, -e. | adviseer, ge-. |
| abuis. | advokaat, advokate. |
| abusief, abusiewe. | advokatestreek, advokate-streke. |
| aceton <i>of</i> aseton. | afasie. |
| acetyleen <i>of</i> asetileen. | afbeeld, afgebeeld. |
| achromaties, -e. | afbeelding, -e <i>of</i> -s. |
| aciditeit <i>of</i> asiditeit. | afbeeldsel, -s. |
| aconitine <i>of</i> akonitien. | afbetaal, het —. |
| aconitum <i>of</i> akoniet. | afbetaling, -e <i>of</i> -s. |
| adamsvy(g), adamsvye. | afborsel, afgeborsel. |
| adder(e)gebroedsel, -s. | afdak, -ke. |
| additſie. | afdam, afgedam. |
| addisioneel, addisionele. | afdeling, -e <i>of</i> -s. |
| adel. | afdelingsekretaris, -se. |
| adellik, -e. | afdelingsraad, afdelingsrade. |
| adem, ge-. | afding, afgeding. |
| adenien <i>of</i> adenine. | afdoen, het afgedoen, is af-gedaan (<i>die saak is —</i>). |
| adenoïed, -e. | afdoende. |
| adenoom, adenome. | afdraand(e), afdraande(s) <i>of</i> afdraans. |
| adhesie. | afdraand <i>of</i> afdraans (<i>bnw. en bw.</i>). |
| adieu, -'s. | afdro(ë) <i>of</i> afdroog, afge-dro(ë) <i>of</i> afgedroog. |
| adieu ! | afdruk, -ke. |
| adjektief, adjektiewe. | afdruk, afgedruk. |
| adjektiewies, -e. | afdryf <i>of</i> afdrywe, afgedryf <i>of</i> afgedrywe. |
| adjudant, -e. | |
| adjunk, -te. | |
| administrasie. | |
| administrateur, -s. | |
| administreer, ge-. | |
| admiraal, -s. | |

afdwaal, afgedwaal.
 afdwaling, -e of -s.
 afeet, afgec  t.
 affeil, afgefeil (*dweil*).
 affektasie.
 aff  re of aff  ring, -s. *affaire*
 affidavit.
 affiliasie.
 affiliir, ge-.
 affinity, -e.
 affodil, -le.
 affront, -e.
 affrontasie, -s.
 affronteer, ge-.
 affronteerspeletjie, -s.
 afgedankste.
 afgee, afgegee.
 afgeknot. -te.
 afgele  .
 afgeleef(d), -de.
 afgesant, -e.
 afgesien (— van).
 afgeskeidenheid.
 afgeskei(den)es (*mv.*).
 afgestorwe.
 afgetob, -de.
 afgetrokke.
 afgevaardigde (*enkv.* en
 mv.), -s.
 afgewend, -e.
 afgewerk, -te.
 afgiet, afgegiet.
 afgietsel, -s.
 afgod, afgode.
 afgodediens.
 afgodies, -e.
 afgodsbeeld, -e.
 afgodsdienaar.
 afgrond, -e.
 afgrou, afgegrou.
 afgryslik, -e.
 afguns.
 afgunstig, -e; -er, -ste.
 afgunstigheid.
 afjak, -ke.

afjak, afgejak.
 afjakker, afgejakker.
 afkalf of afkalwe(r), afge-
 kalf of afgekalwe(r).
 afkappingsteken, -s.
 afkerf of afkerwe, afgekerf
 of afgekerwe.
 afkerig (— van).
 afkerwe of afkerf, afgekerwe
 of afgekerf.
 afkeur, afgekeur.
 afkeurenswaardig, -e.
 afkloof of afklowe, afge-
 kloof of afgeklowe.
 afklop, afgeklop.
 afklowe of afkloof, afgeklo-
 we of afgekloof.
 afknou, afgeknou.
 afknouing.
 afkomeling, -e.
 afkoms.
 afkomstig.
 afkondig, afgekondig.
 afkondiging, -e of -s.
 afl   of afleg, afgel   of afge-
 leg.
 aflei, afgelei.
 afleiding, -e of -s.
 afleier, -s.
 afleiwater.
 aflewer, afgelewer.
 aflewing, -e of -s.
 afneem, afgeneem.
 afnemer, -s.
 afnemory.
 afoes, afgeoes.
 afonie.
 aforisme, -s.
 afpeil, afgepeil.
 afpen, afgepen.
 afpeul, afgepeul.
 Afrika.
 Afrikaans, -e.
 Afrikaner, -s.
 afrikanerbees, -te.

| | |
|--|---|
| afrikanerbul, -le. | afsonder, afgesonder. |
| afrikanerkoei, -e. | afsonderlik, -e. |
| afrikaneros, -se. | afspieël, afgespieël. |
| afrodiët. | afspraak, afsprake. |
| afrokkel, afgerokkel. | afspreek, afgespreek. |
| afroom, afgeroom. | afstam, afgestam. |
| afsaag <i>of</i> afsae, afgesaag <i>of</i> afgesae. | afstammeling, -e <i>of</i> -s. |
| afsaal, afgesaal. | afstand, -e. |
| afsae <i>of</i> afsaag, afgesae <i>of</i> afgesaag. | afsterf <i>of</i> afsterwe, afgesterf <i>of</i> afgesterwe. |
| afsaksel, -s. | afsterwing. |
| afsê, afgesê. | afstof, afgestof. |
| afsién, afgesien (— <i>van iets</i>). | afswoë <i>of</i> afswoeg, afge-swoë <i>of</i> afgeswoeg. |
| afsigtelik, -e. | aftakel, afgetakel. |
| afskaaf <i>of</i> afskawe, afge-skaaf <i>of</i> afgeskawe. | aftog. |
| afskaduwing. | aftorring, afgetorring. |
| afskaf, afgeskaf. | aftree, afgetree. |
| afskaffery. | aftrek (<i>snw.</i>). |
| afskawe <i>of</i> afskaaf, afgeska-we <i>of</i> afgeskaaf. | aftrek, afgetrek. |
| afskeep, afgeskeep. | aftreksel, -s. |
| afskei(e), afgeskei(e). | aftuie <i>of</i> aftuig, afgetuie <i>of</i> afgetuig. |
| afskeid. | afval (<i>snw.</i>). |
| afskeding. | afval, afgeval. |
| afskeidspreek. | afvallig, -e. |
| afskeidswoord. | afvee(g), afgevee(g). |
| afskepery. | afvra(ag), afgevra(ag). |
| afskilfer, afgeskilfer. | afvry, af gevry. |
| afskram, afgeskram. | afvryf <i>of</i> afvrywe, afgevryf <i>of</i> afgevrywe. |
| afskryf <i>of</i> afskrywe, afge-skryf <i>of</i> afgeskrywe. | afwater, afgewater. |
| afsku. | afwatering. |
| afskud, afgeskud. | afweë <i>of</i> afwee(g), afgeweë <i>of</i> afgeweec(g). |
| afskuif <i>of</i> afskuiwe, afge-skuif <i>of</i> afgeskuiwe. | afwei(e), afgewei(e). |
| afskuwelik, -e. | afwen, afgewen. |
| afslaer, -s. | afwesig, -e. |
| afslag (<i>snw.</i>). | afwesige, -s. |
| afslag, afgeslag. | afwesigheid. |
| afsloof <i>of</i> afslowe, afgesloof <i>of</i> afgeslowe. | afwisselend, -e. |
| afsnou, afgesnou. | afwys, afgewys. |

| | |
|--------------------------------|-------------------------------|
| ag, ge-. | agterlik, -e; -er, -ste. |
| agaat, agate. | agte(r)losig, -e. |
| agbaar, agbare. | agtermekaar. |
| ageer, ge-. | agtermiddag, agtermiddae. |
| agenda, -s. | agtermiddags. |
| agent, -e. | agterna. |
| agentskap, -pe. | agteroer. |
| aggie (<i>klein ag</i>), -s. | agteropskop, agteropge- |
| agglomeraat, agglomerate. | skop. |
| agglutinasie. | agtersambok, -ke. |
| agglutinien of agglutinine. | agterpant, -e. |
| aggregaat, aggregate. | agterryer, -s. |
| ag(t)hoek, -e. | agtterskot, -te. |
| ag(t)hoekig, -e. | agtterslag, agterslae. |
| agie (<i>nuuskieriœ</i> — !) | agterstallig, -e. |
| agitasie, -s. | agterstel, -le. |
| agiteer, ge-. | agterstel, agtergestel. |
| agnate (<i>mv.</i>). | agtersten, -s of agterstewe, |
| agnosticus, agnosti of ag- | -ns. |
| nostikus, -se. | agterstevoor. |
| agnosties, -e. | agterstewe, -ns of agtersten, |
| agnostisme. | -s. |
| agorafobie. | agttertang, -e. |
| agrafie. | agteruit. |
| agrammatisme. | agtervoegsel, -s. |
| agressie. | agterwaarts, -e. |
| agressief, agressiewe. | agterweë (— bly). |
| agronomie. | ag(t)hoek, -e. |
| agronoom, agronome. | ag(t)hoekig, -e. |
| agrostografie. | agtien. |
| ag(t)ste. | agting. |
| agt, -e of ag, -s. | ag(t)ste. |
| agteloos, agtelose. | agtuur. |
| agte(r)losig, -e. | agurkie, -s. |
| agtenswaard. | ai ! |
| agtenswaardig, -e. | aia, -s. |
| agter. | aikôna ! of haikôna ! |
| agteraf. | air, -s. |
| agterbaks, -e. | aits ! |
| agterdog. | aitsa ! |
| agterdogtig, -e. | akademie, -s. |
| agtereenvolgens. | akademies, -e. |
| agterent, -e. | akant, -e. |
| agterhoudend, -e. | akasia, -s. |
| agterlaaier, -s. | akka (<i>kindertaal</i>). |

| | |
|---|--|
| akka, ge-. | aktinieë. |
| akke(r)dis <i>of</i> akkeldis, -se. | aktinies, -e. |
| akker, -s. | aktiwiteit, -e. |
| akkerboom, akkerbome. | aktrijse, -s. |
| akkerhout. | aktualiteit, -e. |
| akkertjie, -s. | aktueel, aktuele. |
| akkerwanie. | aknuit, aknte. |
| akklamasie (<i>bv</i> —). | akwarel, -le. |
| akklimatiseer, ge-. | akvarium, -s <i>of</i> aquarium, aqnaria. |
| akkommodasie. | alabama <i>of</i> alibama. |
| akkompanjeer, ge-. | albei. |
| akkompanjement, -e. | albekoor <i>of</i> halfkoord. |
| akkompanjis, -te. | albino, -'s. |
| akkoord, -e. | alboliet. |
| akkordeer, ge-. | album, -s. |
| akkordeon, -s. | albumien <i>of</i> albumine. |
| akkumulator, -e <i>of</i> -s. | albuminate (<i>mv.</i>). |
| akkuraat, akkurate. | albuminoïed <i>of</i> albuminoïde. |
| akkusatief, akksatiewe. | alehemie. |
| akoestiek. | alehemis, -te. |
| akoesties, -e. | alchemistes, -e. |
| akoniet ofaconitum. | aldag. |
| akonitiën <i>of</i> aconitine. | aldehyd, -e <i>of</i> aldehyde, -s. |
| akrobaat. akrobate. | aldose, -s. |
| akrostichon, -s. | aleksandryu <i>of</i> alexandryn, -e. |
| aks (<i>maat</i>), -e. | aleksie. |
| akselerasie. | aleuronaat. |
| aksclereer, ge-. | alewee <i>of</i> aalwee, -s <i>of</i> aal- wyn, -e. |
| aksent, -e. | Alexandrië. |
| aksentuasie. | alexandryn <i>of</i> aleksandryn, -e. |
| aksentueer, ge-. | alfaam <i>of</i> halfaam. |
| aksepteer, ge-. | alfabet, -te. |
| aksie, -s. | alfabeties, -e. |
| aksioma, -s <i>of</i> aksioom, aks- siome. <i>axioma</i> | alfenied <i>of</i> alfenide. |
| aksiomatics, -e. <i>axiomat. es</i> | algar. |
| aksioom, aksiome <i>of</i> aksi- oma, -s. | alge (<i>plant</i>). |
| aksysns. | algebra. |
| aksysnsmeester. | algebraïes, -e. |
| aksynswet, -te. | algemeen, algemene. |
| akte, -s. | |
| akteur, -s. | |
| aktief, aktiewe. | |

algoritme. *algorisme*
 alhier.
 alhoewel.
 alias, -se.
 alias (*bw.*).
 alibama *of* alabama.
 alibi, -'s.
 aliënasie.
 aliëneer, ge .
 alifaties.
 alikreukel *of* alikruikel *of*
 arikreukel *of* arikruikel,
 -s *of* alikruk, -ke.
 alinea, alineae *of* alineas.
 aljimmiers.
